

**Die Akkadies van Ḫatti:**

'n Grammatikale studie met besondere verwysing na die Akkadiese tekste gevind  
by Ugarit

Hendrik Johannes Marthinus van Deventer, B.A. Honns.

Verhandeling voorgelê as gedeeltelike nakoming van die  
vereistes vir die graad Magister Artium in Semitiese Tale in die Fakulteit Lettere  
en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër  
Onderwys.

Leier: Dr. P.J.J. van Huyssteen (PU vir CHO)

Hulpleier: Prof. H.J. Dreyer (UNISA)

Potchefstroom

1991

## VOORWOORD

Ek wil baie graag die volgende persone bedank:

My vrou, Lynette, vir haar bystand en hulp met die organisering van die tekste;  
My studieleier, dr. P.J.J. van Huyssteen, vir sy leiding wat by my 'n liefde vir Akkadies gekweek het;

My hulpleier, prof. H.J. Dreyer, vir sy waardevolle insette;

Al die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek vir hulle vriendelike diens;

Beide ouerpare vir hulle belangstelling en aanmoediging;

Vriende en familie wat belangstelling in die vordering van hierdie studie getoon het.

Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie studie word hiermee erken.

Ons hemelse Vader kom toe die hoogste lof en dank, want slegs met die krag en gawes wat Hy my in sy genade geskenk het, kon ek hierdie studie deurvoer.

## INHOUDSOPGAWE

|                                                           |    |
|-----------------------------------------------------------|----|
| 1. HOOFSTUK 1: INLEIDING .....                            | 1  |
| 1.1 PROBLEEMSTELLING .....                                | 1  |
| 1.2 NOODSAAK EN AKTUALITEIT VAN HIERDIE STUDIE.....       | 2  |
| 1.3 DOELSTELLING VAN HIERDIE STUDIE.....                  | 2  |
| 1.4 WERKSWYSE VAN HIERDIE STUDIE .....                    | 3  |
| 1.5 BEGRENsing .....                                      | 4  |
| 2. HOOFSTUK 2: DIE KORPUS.....                            | 5  |
| 3. HOOFSTUK 3: ORTOGRAFIE EN FONOLOGIE.....               | 8  |
| 3.1 LOGOGRAMME.....                                       | 8  |
| 3.2 MEERVOUDAANDUIDERS .....                              | 9  |
| 3.3 VERDUBBELING VAN DERDE STAMKONSONANT.....             | 11 |
| 3.4 BYKOMENDE VOKAALTEKENS.....                           | 12 |
| 3.5 DIE VOKALE "i" EN "e".....                            | 12 |
| 3.6 "uparris" > "uperris" .....                           | 14 |
| 3.7 I WAW EN II WAW .....                                 | 14 |
| 3.8 MIMASIE.....                                          | 15 |
| 3.9 "ʒ" VOOR DENTALE.....                                 | 16 |
| 3.10 LAASTE DENTALE OF SISKLANk STAMKONSONANT + "ʒ" ..... | 16 |
| 3.11 FONETIESE KOMPLEMENTE .....                          | 17 |
| 3.12 ASSIMILASIE EN NASALERING .....                      | 18 |

**INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)**

|                                                         |           |
|---------------------------------------------------------|-----------|
| <b>4. HOOFSTUK 4: MORFOLOGIE .....</b>                  | <b>19</b> |
| <b>4.1 PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE.. .....</b>           | <b>19</b> |
| 4.1.1 Selfstandige persoonlike voornaamwoorde. ....     | 19        |
| 4.1.2 Genitiewe suffikse.....                           | 20        |
| 4.1.3 Akkusatiewe suffikse .....                        | 21        |
| 4.1.4 Datiewe suffikse.. .....                          | 23        |
| <b>4.2 ANDER VOORNAAMWOORDE.....</b>                    | <b>24</b> |
| 4.2.1 Anaforiese voornaamwoord.. .....                  | 24        |
| 4.2.2 "annû". .....                                     | 25        |
| 4.2.3 Vraende voornaamwoorde. ....                      | 26        |
| 4.2.4 Onbepaalde voornaamwoorde.....                    | 27        |
| 4.2.5 "gabbu" .....                                     | 29        |
| <b>4.3 SELFSTANDIGE NAAMWOORDE.. .....</b>              | <b>30</b> |
| 4.3.1 Verbuiging.....                                   | 30        |
| 4.3.2 Die verboë vorm voor selfstandige naamwoorde..... | 31        |
| 4.3.3 Die verboë vorm met suffikse. ....                | 32        |
| 4.3.4 Status absolutus.. .....                          | 33        |
| <b>4.4 DIE WERKWOORD.....</b>                           | <b>33</b> |
| 4.4.1 Persoonsaanduiders .....                          | 33        |
| 4.4.2 Die ventief.....                                  | 36        |
| 4.4.3 Die subjunktief .....                             | 39        |
| 4.4.4 Afgeleide vervoegings.....                        | 41        |
| 4.4.5 Swak werkwoorde.....                              | 44        |

## INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

|                                                     |        |
|-----------------------------------------------------|--------|
| 4.5 VOORSETSELS.....                                | 45     |
| 4.5.1 Enkelvoorsetsels.....                         | 45     |
| 4.5.2 Saamgestelde voorsetsels.....                 | 50     |
| 4.6 BYWOORDE.....                                   | 53     |
| 4.6.1 Enkelvoudige bywoorde.....                    | 53     |
| 4.6.2 Uitdrukkingswyses vir "tot in ewigheid" ..... | 56     |
| 4.7 AANDUIDERS VAN DIE DIREKTE REDE.....            | 56     |
| 4.8 ASSIRIESE VORME.. ..                            | 57     |
| <br>5. HOOFSTUK 5: SLOT.....                        | <br>60 |
| 5.1 SAMEVATTING MET BETREKKING TOT FONOLOGIE.....   | 61     |
| 5.2 SAMEVATTING MET BETREKKING TOT MORFOLOGIE.....  | 62     |
| 5.3 GEVOLGTREKKINGS.....                            | 63     |
| <br>6. ABSTRACT.....                                | <br>65 |
| <br>BRONNELYS.....                                  | <br>66 |

**AFKORTINGS**

AHw. sien bronnelys

Akk. Akkadies

akk. akkusatief

Ass. Assiries(e)

Bab. Babilonies(e)

CAD. sien bronnelys

dat. datief

ekv. enkelvoud

gen. genitief

GN geografiese naam

ibid. ibidem (aldaar)

imp. imperatief

inf. infinitief

ml. manlik

mv. meervoud

nom. nominatief

perf. perfectum

PN persoonsnaam

praes. praesens

praet. praeteritum

prek. prekatief

subj. subjunktief

suff. suffiks

vent. ventief

vgl. vergelyk

Vo. verso

vok. vokatief

vr. vroulik

' reël onseker

\* oorsprong van teks onseker

! ander tekenwaarde

[ ] teks gebroke

## **1. HOOFSTUK 1: INLEIDING**

### **1.1 PROBLEEMSTELLING**

In 1928 is die antieke stad Ugarit (tans Ras Shamra) aan die kus van Sirië ontdek. Een van die vondse wat die daaropvolgende eksplorasië van die stad opgelewer het, was kleitablette met spykerskrifinskripsies daarop aangebring. Die taal van 'n aantal van hierdie tablette kon gou geëien word as Akkadies. Verdere aandag aan hierdie taal soos aangetref by Ugarit, het egter daarop gedui dat dit sekere verskille van die Akkadies van Mesopotamië openbaar. Die Akkadies soos aangetref by Ugarit, sou dan ook spoedig geklassifiseer word as wes-Akkadies (dit is wes van Mesopotamië). In 1928 het sekere tekste wat by El-Amarna en Nuzi gevind is, ook deel uitgemaak van wes-Akkadies (vgl. Durham, 1976:2).

Die datering van die tablette hang nou saam met 'n bloeitydperk wat die antieke stad Ugarit vanaf 1400 v.C. - 1200 v.C. beleef het, voordat die stad op raaiselagtige wyse ontvolk is en ten gronde gegaan het. Hierdie datering plaas die Akkadiese tekste soos gevind by Ugarit midde-in die era waartydens die twee vernaamste Akkadiese dialekte, naamlik Assiries en Babilonies die voertale in Mesopotamië was.

Nadat die tekste wat by Ugarit gevind is, bestudeer is, is gevind dat baie van die tekste hul ontstaan by ander plekke as net by Ugarit gehad het. Een van hierdie sogenaamde randgebiede was Hatti, oftewel die land van die Hetiete. Die Akkadies van al hierdie randgebiede was die voorwerp van heelwat wetenskaplike werk in die afgelope paar dekades. Studies met betrekking tot die Akkadiese dialekte van Nuzi (Berkooz, 1937), Alalah (Giacumakis, 1970), Ugarit (Huehnergard, 1989), Karkemis (Huehnergard, 1979), Bogasköy (Durham, 1976) en ander plekke het byvoorbeeld reeds die lig gesien.

Die Akkadies van Ugarit is in 1962 vir die eerste maal intensief deur G.G. Swaim bespreek. In hierdie studie is daar ongelukkig nie onderskeid getref tussen tekste wat hul oorsprong by Ugarit gehad het en tekste wat van ander plekke afkomstig was nie. Huehnergard het hierdie leemte by Swaim raakgesien en in 'n proefskrif in 1979 het eersgenoemde die Akkadiese dialekte van Ugarit en Karkemis bespreek aan die hand van die Akkadiese tekste gevind by Ugarit.

Met betrekking tot ander randgebiede soos Ušnati, Siyannu en Ḫatti is 'n soortgelyke studie as die studie van Huehnergard nog nie aangepak nie. Alhoewel Durham (1976) 'n breedvoerige studie met betrekking tot die Akkadies van Bogasköy aangepak het, bevat sy studie nie al die tekste wat by Ugarit gevind is nie. Met hierdie studie wil daar daarom juis aandag gegee word aan die Akkadies van Ḫatti, soos in die tekste gevind by Ugarit.

## 1.2 NOODSAAK EN AKTUALITEIT VAN HIERDIE STUDIE

Die bestudering van die Akkadies van die randgebiede soos Amurru, Karkemis, Ugarit, Alalah, Emar en ander plekke is tans baie aktueel. Die rede hiervoor is waarskynlik die poging van wetenskaplikes om 'n uitgebreide vergelyking te tref tussen al hierdie dialekte, om sodoende ooreenkomste en verskille bloot te lê.

Alvorens 'n vergelykende studie van so 'n omvang aangepak kan word, moet die verskillende dialekte afkomstig van die randgebiede eers op sigself bestudeer word (vgl. Izre'el, 1984:83). Studies oor die dialekte van Karkemis, Ugarit, Alalah, Nuzi, Amarna en Mittanni het alreeds die lig gesien. Hierdie studie poog om die leemte wat bestaan met betrekking tot die dialek van Ḫatti te vul. Anders as die studie wat Huehnergard in 1979 aangepak het, word nie al die tekste wat by Ḫatti ontstaan het in hierdie studie behandel nie (sien daarvoor Durham, 1976). In hierdie studie word slegs gekonsentreer op die tekste gevind by Ugarit. As sodanig kan hierdie studie gesien word as aanvullend tot die omvattende studie van J.W. Durham, getiteld "Studies in Bogasköy Akkadian" wat in 1976 die lig gesien het. Tesame met Durham se werk behoort hierdie studie 'n redelike volledige beeld te gee van die Akkadiese dialek van Ḫatti, veral omdat sekere tekste wat by Ugarit gevind is, nie deur Durham bespreek is nie (vgl. RS 17.383, 17.422 en 17.340).

## 1.3 DOELSTELLING VAN HIERDIE STUDIE

Die doelstelling van hierdie studie kan uiteengesit word in twee doelwitte. Die eerste doelwit is om die Akkadiese dialek van Ḫatti grammatikaal te beskryf soos wat dit teruggevind kan word in die tekste wat by Ugarit opgegrawe is. Die tweede doelwit is om deurgaans 'n vergelyking te probeer tref tussen die dialek van Ḫatti

en die dialekte van veral Ugarit, Karkemis, Alalah, Mitanni, Amarna en Nuzi<sup>1</sup>. Hierdie vergelyking sal kan meehelp om Durham (1976:66) se hipotese, dat skrywers gepoog het om te skryf in die dialek van die geadresseerde, te bewys al dan nie. Die studies van Huehnergard (1979, 1989) sal in hierdie verband ook 'n groot rol speel. Indien Durham se hipotese waar is, sal die minimum verskille waargeneem word tussen gegewens verkry uit hierdie studie, in vergelyking met Huehnergard se studies, want al drie studies het betrekking op tekste wat óf by Ugarit ontstaan het, óf wat daarheen gestuur is. Alhoewel die vergelyking tussen al hierdie dialekte regdeur die studie uitgewerk sal word, word daar in die laaste hoofstuk 'n opsomming van die belangrikste bevindings gegee.

#### 1.4 WERKSWYSE VAN HIERDIE STUDIE

Met die oog op eie insig in die dialek van Hatti is die 21 tekste wat hieronder bestudeer word eers met behulp van Nougayrol (1956) en Nougayrol *et al.* (1968) se weergawes van die oorspronklike tekste in PRU 4 en Ugaritica 5 getranskribeer, genormaliseer en in Afrikaans vertaal. In die studie word die vertalings slegs weergegee wanneer die vertaling noodsaaklik is om byvoorbeeld 'n argument uit te bou. Die 21 tekste wat vir hierdie doel gekies is, word hieronder<sup>2</sup> gelys.

Vervolgens vind die leser 'n bespreking van die vertaalde tekste op patroon van Huehnergard se indeling van sy 1979- studie. Hierdie bespreking het eerstens betrekking op die ortografie en fonologie en is sodanig ingerig dat dit moet aanpas by Huehnergard en Swaim (1962) se bespreking. Sodoende word latere vergelyking vergemaklik.

'n Volgende afdeling van hierdie studie het uitsluitlik te make met morfologie. Sake wat in hierdie afdeling aandag sal geniet, sluit in: voornaamwoorde, selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, bywoorde en voorsetsels.

Weens die geweldige omvang van 'n studie met betrekking tot die sintaksis van die Hatti-dialek, soos gemanifesteer is die tekste gevind by Ugarit, word daar in

---

1 Die vergelyking het in hierdie geval net betrekking op hfst. 3.

2 Sien hoofstuk 2.

hierdie studie nie aandag gegee aan sintaksis nie. In die laaste hoofstuk sal gepoog word om 'n samevatting te gee van die belangrikste resultate.

## 1.5 BEGRENsing

Soos reeds gemeld, word hierdie studie begrens tot dié mate dat slegs die Akkadiese dialek van die Hatti-tekste wat by Ugarit gevind is, bestudeer word. Daar bestaan nagenoeg 71 tekste wat in Hatti ontstaan het en by Ugarit teruggevind is. Weens redes wat hieronder breedvoerig bespreek sal word, is daar vanuit hierdie 71 tekste 'n seleksie van 21 tekste gemaak, waarop hierdie studie begrond word.

As gevolg van die vergelykende aard van hierdie studie is daar gepoog om sover moontlik aan dieselfde sake aandag te gee as waaraan Huehnergard (1979, 1989) aandag gee. Enkele afdelings van Huehnergard is egter oor die hoof gesien, hoofsaaklik omdat daar nie genoeg gegewens in hierdie studie gevind is waarvolgens juiste afleidings gemaak sou kon word nie. In ander gevalle is die onderwerpe wat Huehnergard bespreek aangevul deur onderwerpe wat van belang is vir hierdie studie.

Soos reeds genoem, word daar nie met hierdie studie gepoog om 'n volledige beeld van die Hatti-dialek te gee nie, want daarvoor sou tekste bestudeer moet word wat ook by ander plekke as Ugarit gevind is. Ten spyte van die begrensing van hierdie studie, vorm dit steeds 'n belangrike onderdeel in die rekonstruksie van die Akkadiese dialek van Hatti.

## **2. HOOFSTUK 2: DIE KORPUS**

Met die oog op 'n vergelykende studie word die korpus, wat bestaan uit 21 tekste, aan die hand van Huehnergard (1979:17-19) in drie groepe verdeel, naamlik: briewe, staatsverdrae en regsdinge. Soos reeds gemeld, is hierdie tekste 'n seleksie uit sowat 71 tekste. Die redes waarom 'n relatiewe klein groep van hierdie tekste in hierdie studie behandel word, is die volgende:

In die eerste plek is 'n hele aantal van die tekste baie gebroke en dus nie geskik vir hierdie studie nie, byvoorbeeld RS 17.04, RS 17.35, RS 17.62, RS 17.229, RS 17.339A+B, RS 17.344, RS 17.366, RS 17.457, RS 17.459, RS 18.273 en RS 19.122 (vgl. ook Huehnergard 1979:7-8). Tweedens is 'n aantal van die gepubliseerde tekste duplikate (vergelyk byvoorbeeld RS 17.227 met RS 17.330, RS 17.347, RS 17.372, RS 17.446, en RS 17.130 met RS 17.461, RS 18.03). Alhoewel van die duplikaattekste in hierdie studie gebruik sal word, word sodanige tekste nie hieronder gelys nie. Waar duplikate gebruik word, sal dit pertinent so gemeld word. Derdens bestaan daar oor 'n groot aantal van die tekste onsekerheid of hulle wel hul oorsprong in Hatti gehad het. Met betrekking tot 25 van die tekste kan nie met sekerheid gesê word of hulle wel in Hatti ontstaan het nie (vgl. Kühne 1976:129-165). Dit val buite die grense van hierdie studie om te bepaal of hierdie tekste wel in Hatti ontstaan het, al dan nie. Hierdie studie het eerder ten doel om te bepaal wat die kenmerke is van die tekste wat inderdaad by Hatti ontstaan het. Na aanleiding van die resultate van hierdie studie kan daar moontlik in 'n latere studie aan bogenoemde probleem aandag gegee word. Met die genoemde redes in gedagte, word gemeen dat 21 tekste wel verteenwoordigend is wanneer 'n studie na die Hatti-tekste, soos gevind by Ugarit, onderneem word.

Die tekste word vervolgens onder drie verskillende hoofde gelys. Daar word verwys na die opgrawingsnommer van die betrokke teks, gevolg deur 'n aanduiding (tussen hakies) van waar die teks gepubliseer is. Vanaf hoofstuk 3 sal hierdie opgrawingsnommer aangedui word met daaropvolgend die reël(s) waarna verwys word. 'n Reël op die voorkant van 'n kleitablet sal weergegee word as: 17.132:1, terwyl 'n reël op die agterkant van 'n tablet aangedui word met die afkorting Vo. (verso) ná die betrokke verwysing, byvoorbeeld: 17.237:5' Vo. Vir onderstaande indeling is daar van die studies van C. Kühne (1974:129-156; 1975:515-516) gebruik gemaak.

**Briewe:**

|                             |                            |
|-----------------------------|----------------------------|
| RS 17.132 (PRU 4:35-37)     | RS 17.247 (PRU 4:191)      |
| RS 20.212 (Ug. 5:105-107)   | RS 20.255A (Ug. 5:100-102) |
| RS 17.383* (PRU 4: 221-223) | RS 17.422* (PRU 4:223-225) |

**Staatsverdrae:**

|                             |                                     |
|-----------------------------|-------------------------------------|
| RS 17.79+374 (PRU 4:96-99)  | RS 17.130 (PRU 4:103-105)           |
| RS 17.227 (PRU 4:40-44)     | RS 17.229 (PRU 4:106)               |
| RS 17.237 (PRU 4:63-65)     | RS 17.238 (PRU 4:107-108)           |
| RS 17.338 (PRU 4:85-87)     | RS 17.340 (PRU 4:48-52)             |
| RS 17.368 (PRU 4:76-78)     | RS 17.369A (PRU 4:52)               |
| RS 17.382+380 (PRU 4:80-83) | RS 17.335+379+381+235 (PRU 4:71-75) |

**Regsgedinge:**

|                                 |                           |
|---------------------------------|---------------------------|
| RS 17.133 (PRU 4:118-119)       | RS 17.159 (PRU 4:126-127) |
| RS 18.06+17.365 (PRU 4:137-138) |                           |

Met betrekking tot die briewe RS 17.383\* en RS 17.422\* bestaan daar by Swaim (1962:137,139) nie twyfel dat die tekste wel in Hatti ontstaan het nie. Nougayrol *et al.* (1968:99) meen dat die tekste geskryf is deur 'n gesant van die koning van Ugarit aan die hof van Hatti. Dit is om hierdie rede dat Kühne (1974:145) hierdie tekste wil sien as moontlik van Ugarit afkomstig. Huehnergard het egter nie een van hierdie tekste in sy studie opgeneem nie (vgl. Huehnergard, 1979:164). Gröndahl (1967:258) maak daarvan melding dat die naam van die skrywer van hierdie twee briewe, Takuhli, Horitiese kenmerke<sup>3</sup> vertoon. Daar word gemeen dat die insluiting van hierdie twee tekste in die Hatti-korpus wel geregverdig is, as aanvaar word dat die gesant, Takuhli, moontlik vir 'n lang tyd in Hatti gestasioneer was.

Met betrekking tot die staatsverdrae RS 17.338 en RS 17.79+374 is daar kennis geneem van Kestemont (1974:85-127) se studie waarin aangetoon is dat genoemde

---

3 Vergelyk ook Kinlaw, 1967:209.

tekste tesame met 'n viertal gebroke tekste deel vorm van een staatsverdrag. Vir die doeleindes van verwysing na Nougayrol (1956) word hierdie twee tekste in hierdie studie afsonderlik hanteer.

Alhoewel nie al die gelyste tekste baie goed oorgelewer is nie, bied dit nogtans genoeg inligting vir hierdie studie. Met die uitsondering van RS 20.255A, RS 17.338 en RS 17.335+379+381+235, wat baie gebroke is, is die tekste redelik goed oorgelewer. Die oorgrote meerderheid van die tekste is gepubliseer deur J. Nougayrol (1956) in PRU 4, die sogenaamde internasionale argief. RS 20.212 en RS 20.255A is eers in 1968 gepubliseer en wel in Ugaritica 5. Met betrekking tot laasgenoemde twee briewe, kan daar met vrug kennis geneem word van Berger (1970:287) se opmerkings in verband met hierdie twee briewe.

### 3. HOOFSTUK 3: ORTOGRAFIE EN FONOLOGIE

#### 3.1 LOGOGRAMME

Nougayrol (1956:265-267) dui al die logogramme aan wat in hierdie tekste voorkom en geen byvoegings hoef tot sy lys gemaak te word nie. Hier word slegs gelet op enkele gebruike van logogramme in hierdie tekste.

Logogramme word gebruik vir dele van eiename: "ù I ARAD-anati ("Abdi-anati")" (17.368:5'). Verder word logogramme gebruik vir selfstandige naamwoorde: "ù A.SÀ ("eqil" "veld") <sup>al</sup>Šamra" (17.368:2' Vo.); "DUMU ("mār" "seun") LUGAL ("šarri" "van die koning")" (17.247:1). Logogramme kan ook gebruik word vir die name van bevolkingsgroepe: "eqli LÚ.ŠA.GAZ (<sup>amīl</sup>Habiri)". In die laasgenoemde geval word 'n bykomende logogram, naamlik "LÚ" gebruik wat ook op 'n beroepsnaam kan dui: "ù summa LÚ.TAM.GàR (<sup>amīl</sup>tamkāru" "handelaar")" (17.130:20); "ana LÚ tar-te-ni (<sup>amīl</sup>Tartēni" "persoon tweede in bevel")" (17.227:28). "LÚ" kan ook sonder verbindings voorkom in die betekenis van "'n man": "LÚ (<sup>amīl</sup>) <sup>al</sup>Ura" (17.130:20) (vgl. verder Swaim, 1962:6 en Durham, 1976:143).

Logogramme word ook gebruik as determinatiewe voor name van lande en stede: "ištu KUR Ḫatti (<sup>māt</sup>Ḫatti) ana KUR.URU Ugarit (<sup>māt</sup> <sup>al</sup>Ugarit)" (17.382+380:53) "vanaf die land Ḫatti na die stad(staat) Ugarit". Hierdie twee logogramme kan ook op sigself gebruik word in die betekenis van "land": "ša KUR-ti (<sup>māti</sup>) sanīti" (17.238:12), en "stad": "ù <sup>al</sup>Siyanni qadu URU.DIDLI.ḪÁ ("alāni" "stede") ša limetiša" (17.382+380:14,15) (vgl. ook Swaim, 1962:6). Durham (1976:138) wys daarop dat die determinatief "KI" by Bogasköy selde ná die name van lande en stede voorkom:

In staatsverdrae wat 'n ekonomiese strekking het, word logogramme gebruik om edelmetale en -stene aan te dui, byvoorbeeld: "20 šiqil KÙ.GI.MEŠ ("ḫurāšu<sup>m</sup>" "goud")" (17.227:21); "1 kasu KÙ.BABBAR.MEŠ ("kaspu<sup>m</sup>" "silwer")" (17.227:31); "aššum NA<sub>4</sub>.ZA.KUR ("aban<sup>u</sup>qni" "edelsteen")" (17.422\*:11).

Byvoeglike naamwoorde kan ook met behulp van logogramme uitgedruk word: "umma <sup>d</sup>Šamši <sup>I</sup>Muršili šarru GAL ("rabbu" "groot") <sup>māt</sup>Ḫatti" (17.237:1); "ina amīli

GAL.MEŠ<sup>✓</sup>-ti (rabūti)" (17.227:38); "ù atta i<sup>✓</sup>selleppa GAL (rabā) išten" (20.212:21'). (Vergelyk in hierdie verband ook 17.133:15 "ma GAL (rab) amīl<sup>m</sup> i<sup>✓</sup>s<sup>m</sup>alahi" "die hoofskippers" of "admiraals".)

Die voorsetsel "arki" ("agter") word uitgedruk met die logogram "EGIR" (17.159:25,32) en die voorsetsel "eli" ("teen") met "UGU" (17.130:7). Logogramme word ook in sekere voorsetselfrases gebruik: "ina ŠÀ-bi ("libbi" "hart") tuppi ša rikilti" (17.237:5); "ù ina EGIR (arki) ūmi" (17.159:43); "ù ištu ŠÀ-bi (libbi) māt abīšu" (18.06 + 17.365:14'); "ištu ŠU-ti ("qāti" "hand") Niqmanda" (17.369A:18').

In een geval word die naam van 'n maand van die jaar weergegee en wel by wyse van 'n logogram "ina ITI.ZIZ (arah<sup>✓</sup>šabātu)" (17.335 + 379 + 381 + 235:55).

In hierdie tekste word die meeste logogramme konsekwent gebruik, maar die volgende skryfwyses val op: "DUMU.MEŠ<sup>✓</sup> šip-ri-ka" (17.247:10) "jou boodskappers", maar "DUMU.KIN-ra-ka" (17.132:33) "jou boodskappers"; "ina qa-at I<sup>✓</sup>Muršili" (17.79 + 374:51') "in die hand van Muršil", maar "šumma ŠU (qāt) šarri rabi" (17.79 + 374:53') "gestel die hand van die groot koning"; "[ana muḥ]hi<sup>d</sup> Šamši šarri rabi EN-šu (belišu)..." (17.340:25) "[to]t die Son, die groot koning, sy heer...", maar "ana<sup>d</sup> Šamši šarri rabi be-li-šu" (17.340:26) "tot die Son, die groot koning, sy heer". Die wyse waarop name van gode geskryf word, verskil ook "<sup>d</sup>Adad AN-e (šame)" (17.227:51), maar "<sup>d</sup>Adad ša-me-e" (17.237:11' Vo.).

Al die logogramme wat in die tekste voorkom, kan onmoontlik hier gelys en bespreek word, daarom word met bogenoemde indrukke volstaan. Logogramme kom geredelik in die tekste voor, veral in tekste van 'n ekonomiese of juridiese aard. Huehnergard (1979:21) wys daarop dat logogramme nie dikwels by Karkemis voorkom nie.

### 3.2 MEERVOUDAANDUIDERS

"MEŠ<sup>✓</sup>" word gewoonlik gebruik om die meervoud aan te dui, byvoorbeeld: "DUMU.MEŠ<sup>✓</sup> al<sup>✓</sup>Amurri" (17.159:20) "die mense van Amurru"; "ù DINGER.MEŠ<sup>✓</sup> annūtu" (18.06 + 17.365:11') "en hierdie gode"; "GIŠ.MÁ.MEŠ<sup>✓</sup>-ka ù atta elišunu" (20.255A:13',14') "jou skepe en jy daarby"; "LUGAL.MEŠ<sup>✓</sup>" (17.132:30) "konings"; "ša ZAG.MEŠ<sup>✓</sup> ("paṭāni" "grense") ša māt<sup>✓</sup>Mukiš" (17.237:3). In al hierdie gevalle bevestig 'n werkwoord of 'n voornaamwoordelike suffiks dat die betrokke woorde as

meervoude gebruik word. "MEŠ" word ook ná die sillabiese skryfwyse gebruik om te dui op die meervoud: "a-ma-te-MEŠ banāti" (17.79+374:32) "goeie woorde".

Daar is in die tekste geen geval aangetref waar "MEŠ" gebruik word na 'n enkelvoud nie. Hieruit blyk 'n groot ooreenkoms met die Akkadies van Karkemis (vgl. Heuhnergard, 1979:21). Die enigste uitsondering op hierdie reël is wanneer "MEŠ" gebruik word na logogramme wat dui op metale: "KÙ.BABBAR.MEŠ" ("kaspā" "silwer") KÙ.GI.MEŠ ("ḫurāša" "goud") URUDU.MEŠ ("erā" "brons") (17.340:23). Hierdie uitsondering word volgens Huehnergard (ibid.) ook by Karkemis aangetref. Durham (1976:180) wys daarop dat "MEŠ" by Mari ook soms volg op Sumeriese logogramme, sonder om noodwendig 'n meervoud aan te dui.

In die geval van edelstene word MEŠ nie konsekwent gebruik nie "1 me'at SÍG ZA.GÌN.MEŠ (šipat<sub>uqnū</sub><sup>m</sup>)" (17.227:37), maar "1 me'at SÍG ZA.GÌN (šipat<sub>uqnū</sub>)" (17.227:34). Met betrekking tot metale en edelstene is dit nie altyd duidelik of "MEŠ" die meervoud uitdruk, al dan nie. Dit is egter wel duidelik dat "MEŠ" by Ḫatti, anders as by Ugarit (Huehnergard, 1989:87), hoofsaaklik gebruik word om die meervoud aan te dui.

In 'n enkele teks word die ou-Akk. meervoudaanduiders (Durham, 1976:180) "ME" (MEŠ, Labat (1988) nr. 532, Borger (1981) nr. 532) aangetref, naamlik in 20.255A:4'(?),5',10'(?), terwyl "MEŠ" weer in reël 11' gebruik word. Sien in hierdie verband ook Huehnergard (1989:87).

Ander meervoudaanduiders sluit in: "DIDLI" (17.132:44), "DIDLI.ḪÁ" (17.79+374), "ḪÁ" (17.335+379+381+235:5) en "ḪÁ.DIDLI" (17.368:5). Die woord "stad" ("URU") word deurgaans in die meervoud aangedui met "DIDLI", "ḪÁ.DIDLI" of "DIDLI.ḪÁ" (vgl. Durham, 1976:184). "ḪÁ" word alleen gebruik om die meervoud van die woorde "jaar" (17.335+379+381+235:5) en "huis" (17.130:18,33) aan te dui. Die meervoudaanduiders "ḪÁ" word egter nie by naamwoorde met 'n persoonskarakter gebruik nie, en dus verskil die Ḫatti-tekste wat by Ugarit gevind is in hierdie opsig van Ḫatti-tekste wat elders gevind is (vgl. Durham, 1976:182). Berkooz (1937:17) se opmerking dat "ḪÁ" en "MEŠ" by Nuzi afwisselend gebruik is, kan nie op hierdie tekste van toepassing gemaak word nie. Die rede daarvoor is dat "MEŠ" slegs meervoude van naamwoorde met 'n persoonskarakter aandui, terwyl dieselfde nie van "ḪÁ" gesê kan word nie.

Die meervoudaanduiders "DIDLI" word ook by Alalah (Giacumakis, 1970:26), Amarna (Böhl, 1909:10) en Ugarit (Huehnergard, 1989:86) aangetref. Ongelukkig maak Huehnergard (1979:21) nie daarvan melding of die meervoudaanduiders wat in die vorige paragraaf bespreek is, ook by Karkemis voorkom nie.

In een geval word die Sumeriese meervoudaanduiders "-E.NE" aangetref: "LUGAL<sup>E.NE</sup>" (17.340:14). Durham (1976:185) dui nog twee Bogasköy-tekste aan (weliswaar is hierdie tekste nie by Ugarit gevind nie), waarin hierdie verskynsel voorkom. Huehnergard (1989:86) maak melding van een geval by Ugarit waar die Sumeriese meervoudaanduiders voorkom.

### 3.3 VERDUBBELING VAN DERDE STAMKONSONANT

In die korpusse van Karkemis en Ugarit kom bogenoemde verskynsel wel voor (vgl. Huehnergard, 1979:22; 1989:48). Hierdie verskynsel kom ook in een teks vanaf Hatti nie minder as drie maal voor nie: "ú-ma-šar-ru" D praes. 3 ml. ekv. (17.132:31); "li-il-lik-kà" G prek. 3 ml. ekv. + vent. (17.132:34); "i-na-kir-ru" G praes. 3 ml. mv. (17.132:45).

Huehnergard (1979:23) het die voordeel van 'n parallelle teks waarvolgens hy die verskynsel van die verdubbeling van die laaste stamkonsonant verklaar as die byvoeging van 'n fonetiese komplement by 'n sillabiese logogram. Hierdie verklaring kan egter net op "li-il-lik-kà" volledig van toepassing gemaak word. In die ander twee gevalle sou ons volgens bogenoemde verklaring van Huehnergard dan te make hê met werkwoorde wat gedeeltelik by wyse van sillabiese logogramme geskryf is, met 'n fonetiese komplement wat volg op die sillabiese logogram.

Sivan (1986:312) wil hierdie verdubbelings eerder sien as aanduiding van klem, of as gebruik in die plek van 'n verwagte verlenging van 'n vokaal. Eersgenoemde voorstel van Sivan kan ook hierbo oorweeg word. Knudsen (1980:15) se gevolgtrekking met betrekking tot woorde soos "libittu(m)" bevestig hierdie moontlikheid.

Swaim (1962:13) wys daarop dat bogenoemde verskynsel ook by selfstandige naamwoorde voorkom, meestal saam met die aanduiding van die abstrakte vorm met "-ut": "ardūti<sup>m</sup> ut-ti" (17.369A:13) "diens"; "mīšarrūti<sup>ut-ti</sup>" (17.159:36) "koninginskap"; "aššūti<sup>ut-ti</sup>" (17.159:5) "huwelik". Berkooz (1937:20) toon aan dat

ook by Nuzi die fonetiese komplement<sup>4</sup> soms bestaan uit die laaste lettergreep plus die voorafgaande vokaal. AHw (1981:1466, 1190) meen verdubbeling kan in hierdie gevalle dui op Ass. vorme. Sivan (1986:312) se tweede voorstel in hierdie verband, naamlik dat verdubbeling van die konsonante voorkom in plaas van die grammaties-verwagte verlenging van 'n vokaal, kan ook in hierdie gevalle oorweeg word.

### 3.4 BYKOMENDE VOKAALTEKENS

Huehnergard (1979:22; 1989:59) toon aan dat by Karkemis, sowel as by Ugarit, 'n bykomende vokaalteken gevoeg word voor werkwoorde waarvan die eerste stamletter 'n swak konsonant is. Hierdie verskynsel word ook by Ḫatti aangetref: "e-ep-pa-aš" (17.383<sup>\*</sup>:39), maar kom nie so algemeen voor as by Alalah nie (Giacumakis, 1970:55). Vergelyk ook "il-la-a-ka" (17.79+374:45') waar "il-la-ka" verwag sou word.

### 3.5 DIE VOKALE "i" EN "e"

Huehnergard (1979:24-26; 1989:50-57) wys daarop dat in beide die korpusse van Karkemis en Ugarit, daar heelparty voorbeelde is van die vokale "i" en "e" wat omruilbaar gebruik word. Sy oplossing vir hierdie problematiek is dat die twee vokale "i" en "e" sonder onderskeid gebruik is (vgl. ook Sivan, 1984:11). Alhoewel dit 'n eerlike poging is om die probleem op te los, word sekere vrae nog onbeantwoord gelaat. Waarom sou dit byvoorbeeld wees dat die skrywers in sekere gevalle wel deurgaans onderskeid tref tussen "i" en "e"? Hier word verwys na woorde soos "iš-tu" en "it-ti", waar die onderskeid wel gehandhaaf word (vgl. Giacumakis (1970:28) wat dieselfde verskynsel ook by Alalah aangetref het). Sivan (1984:11) gee 'n soortgelyke oplossing as Huehnergard wanneer hy beweer dat die "e" 'n variante vorm van die Proto-Semitiese "i"-vokaal sou wees. Durham (1976:352) is, na aanleiding van 'n statistiese studie, egter van mening dat daar wel 'n onderskeid tussen "i" en "e" bestaan het.

By die Ugaritiese tekste afkomstig van Ḫatti is die voorbeelde van bogenoemde verskynsel nie so talryk nie, maar die volgende kan genoem word: "a-ma-te<sup>MES</sup>"

---

4 Sien 3.11.

(17.227:48,52; 17.132:15,29) "woorde", maar "a-ma-ti"<sup>5</sup> (17.247:13) en "a-ba-ti"<sup>MES</sup> (17.340:27). Die eerste twee vorme dui beslis op Bab. invloed, omdat die Ass. vorm weergegee word met "b" as tweede konsonant (vgl. Von Soden, 1969:22). Die derde vorm dui weer op Ass. invloed, alhoewel "a-ba-te"<sup>MES</sup> (17.237:9' Vo.) miskien verwag sou word. Swaim (1962:12) toon aan dat dieselfde verskynsel ook by Nuzi aangetref word. Dit is duidelik dat daar nie konsekwent dieselfde skryfwyse gehandhaaf is nie en dat beide Bab. en Ass. invloede voorkom. Of hierdie invloede ook 'n rol kon speel by die gebruik van die vokale "i" en "e", en indien wel, tot watter mate, kan nie bepaal word nie.

Izre'el (1987:533) merk ook hierdie verskynsel op in 'n studie van die Akkadiese dialek van Amurru. Hy stel voor dat dit 'n voorbeeld kan wees van die ontwikkeling van 'n eenvoudiger sisteem van meervoudformasies van "i" na "e" in die verhoë naamvalle. Hierdie voorstel bied egter nie 'n oplossing vir die vorm "a-ba-ti"<sup>MES</sup> in 17.340:27 nie.

Die volgende woord wat in hierdie verband die aandag vra, is "epěšu" "om te maak / bou" (vgl. Ungnad, 1964:156). In 17.422\*:27 kom die vorm "e-te-puš-ka" (G perf. 3 ml. ekv. + suff. 2 ml. ekv.) voor, maar "e-ep-pa-aš" (G praes. 3 ml. ekv.) in 17.383\*:39 en "e-pa-aš" in 18.06 + 17.365:2,3. In 20.212:9' word die Bab. vorm "ip-pu-uš" (G praes. 3 ml. ekv.) aangetref en "e-pu-uš" (G imp. ml. ekv.) in 20.212:16'. In hierdie geval dui die tweede en derde voorbeelde beslis op Ass. vorme. Hierdie vorme kan nie Bab. wees nie (Bab. = "ippeš", "ippuš") en dus gaan Huehnergard (1979:25; 1989:54-56) se argument dat daar nie fonetiese onderskeid tussen "i" en "e" was nie, ook in hierdie geval nie heeltemal op nie. Hiermee wil nie gesê word dat Huehnergard op hierdie punt verkeerd is nie, want sy argument bevat definitiewe waarheidsmomente. Daar wil egter gepleit word dat benewens die verklaring van Huehnergard, ook ruimte gelaat moet word vir die moontlikheid van Ass. invloede. Dit wil voorkom asof Huehnergard laasgenoemde moontlikheid uit die oog verloor. (Vgl. verder Izre'el, 1987:535.)

Die woord "i/enūma" "wanneer" wat in die Ugaritiese korpus voorkom (Huehnergard, 1989:51), word in die korpus van Hatti klaarblyklik net as "enūma" aangetref (17.227:3; 17.133:4). "mi-nu-me-e" "alles" word ook net in die gemelde

---

<sup>5</sup> Hier in die enkelvoud.

vorm aangetref (17.422<sup>\*</sup>:8,31; 17.159:12,18). Vergelyk in hierdie verband ook Izre'el (1987:526) se argument met betrekking tot klemdraende lettergrepe.

Soos reeds gemeld, sou die beste konklusie waartoe gekom kan word, behels dat die vokale "i" en "e" in sommige gevalle sonder onderskeid gebruik is. Hierby moet egter ook gemeld word dat Assiriese invloede in ander gevalle onderskei kan word.

### 3.6 "uparris" > "uperris"

In die tekste kom daar meer as 20 gevalle van werkwoorde in die D praet., perf. en prek. voor, en 10 gevalle van werkwoorde in die Š praet., perf. en prek. In al die gevalle van die Š-stam kom die verwagte verandering<sup>6</sup> van die tweede vokaal van "a" na "e" by werkwoorde met "w" en "j" as eerste stamkonsonant voor.

By die D-stam word daar in vyf gevalle die uitsonderlike verandering "uparris > uperris" aangetref (drie maal met betrekking tot die D perf. en twee maal met betrekking tot die D prek.). Slegs hierdie uitsonderlike gevalle word hier gelys: "ug-te-me-e[r]" (17.368:4' Vo.); "up-te-ḥí-ru" (17.340:5); "uk-te-bi-it-šu-nu" (ibid.:23); "li-te-er-ru-ni" (17.422<sup>\*</sup>:10, 17.383<sup>\*</sup>:9). Met die uitsondering van die laaste voorbeeld, wat 'n swak middelste konsonant het, is die ander voorbeelde almal sterk werkwoorde. Hieruit word verdere staving verleen aan Huehnergard (1989:106) se argument dat bogenoemde verskynsel nie net voorkom by werkwoorde waarvan die laaste stamkonsonant swak is nie.

### 3.7 I WAW EN II WAW

Soos die geval is by Karkemis (Huehnergard, 1979:26), het die woorde met "w" as eerste letter, die "w" verloor, byvoorbeeld "ašābi" (G inf.) vir "wašābi" (17.130:23). Wat die werkwoord "wašāru" betref, word die vorm "ú-ma-šar-ru" (17.132:31) aangetref. Waar die "w" in die middel van 'n woord voorkom, verander dit ook na "m": "a-ma-te<sup>m</sup>" (17.227:48), of volgens die Ass. skrifpatroon<sup>7</sup> na "b": "a-ba-ti<sup>m</sup>"

---

<sup>6</sup> Sien Von Soden, 1969:141.

<sup>7</sup> Vergelyk hierbo 3.5.

(17.340:27). Hierdie verskynsel kom egter nie voor by eiename en name van stede nie.

### 3.8 MIMASIE

Mimasie aan die einde van die laaste lettergreep van 'n woord het in hierdie tekste heeltemal verval met as enigste uitsondering die vaste (argaïse) uitdrukking "urram šer[am]"<sup>8</sup> (18.06+17.365:22'; 17.368:9' Vo.) "in die toekoms", maar "urra šeram" (17.237:4' Vo.). Die enigste verdere spore van mimasie word aangetref in gevalle waar die werkwoord gevolg word deur die ekv. of mv. vorm van die ventief plus 'n voorwerpsuffiks, of aanduider van die direkte rede of enklitiese "ma", byvoorbeeld: "a-kab-bá-ak-ku" (G praes. 1 ekv. + vent + suff. 2 ml. ekv.) (17.79+374:27'); "ú-še-za-ba-an-ni" (Š praes. 3 ml. ekv. + vent. + suff. 1 ekv.) (17.422\*:42); "li-ba-am-ma" (D prek. 3 ml. ekv. + vent. + enklitiese "ma") (17.422\*:21).

Waar die ventief egter die laaste lettergreep van die woord vorm, kom geen teken van mimasie voor nie: "il-la-ku-ni" (G praes. 3 ml. mv. + vent.) (18.06+17.365:4'); "tal-tap-pa-ra" (Gtn praet. 2 ml. ekv. + vent.) (17.247:11); "i-te-er-bu-ni" (G perf. 3 ml. mv. + vent.) (17.369A:14'); "ú-še-šu-ni" (Š praes. 3 ml. mv. + vent.) (17.130:15). Hieruit word afgelei dat Nougayrol (1956:78) die laaste woord in teks 17.368:12' Vo. verkeerdelik herstel het as "i-tu-ru-n[im]". Dit sal eerder moet lees "i-tu-ru-n[ij]" (vgl. ook Sivan, 1984:124).

Die feit dat fonetiese komplemente soms die suggestie laat van mimasie, moet eerder daaraan toegeskryf word dat die fonetiese komplement saam met die betrokke logogram heel moontlik ook 'n argaïese uitdrukking is en beteken nie dat die "-m" uitgespreek is nie. Vergelyk in hierdie verband "LÚ-lim" (17.422\*:34); "DINGER-lim" (17.383\*:38) (sien ook Huehnergard, 1989:80).

Die enigste ander voorbeeld van mimasie in die korpus kom voor as die woord "šanû" (AHw, 1981:1164b-1165a) verbind word met "-ma": "ša-nu-um-ma" (17.383\*:45); "ša-na-am-ma" (17.159:41). In gevalle soos 20.212:29' word saam met Huehnergard (1979:27) gemeen dat "-tu4" in plaas van "-tum" geles moet word (vgl. ook Aro, 1954:365).

---

<sup>8</sup> Sien Huehnergard, 1979:27.

Aro (1954:365) wys daarop dat mimasie by Alalah beter oorgelewer is as by Nuzi, maar Giacomakis (1970:44) meld dat mimasie in die latere tekste by Alalah begin verdwyn het.

### 3.9 "š" VOOR DENTALE

Wanneer "š" voor 'n dentaal staan, vind die verandering na "l" gewoonlik plaas: "ul-te-ri-bu" (17.159:15); "tal-tap-pa-ra" (17.247:11); "al-ta-par" (20.255A:7); "tal-ta-nap<sup>9</sup>-pa-ra" (17.383\*:11); "ul-te-bi-la-am-mi" (17.383\*:18); "il-ta-ka-an" (17.368:7 Vo.); "ul-te-še-eb-kà" (17.338:3) en ook by die selfstandige naamwoord "mé-re-el-tu<sup>4</sup>" (17.422\*:32) (vgl. ook Durham, 1976:444). Die enigste uitsondering op die reël blyk te wees "iš-tu", onder andere in 18.06+17.365:13',14' en 17.422\*:6,19.

Die woord "ultu" kom egter ook in die korpus (anders as by Karkemis)<sup>10</sup> voor (sien 17.247:6 en 17.227:10), en moontlik meer as by Ugarit (Huehnergard, 1989:110). Daar is ook gevalle waar "ultu" en "ištu" in dieselfde teks gebruik word, byvoorbeeld 17.132:7,47 en 17.340:4,5, alhoewel die woorde in hierdie gevalle nie dieselfde semantiese waarde het nie.

Giacumakis (1970:29) meld dat die verskynsel van "št" wat verander na "lt" baie selde by Alalah voorkom.

### 3.10 LAASTE DENTALE OF SISKLANK STAMKONSONANT + "š"

Daar word verwag dat "tš" of "šš" sal verander na "ss"<sup>11</sup>. Huehnergard (1979:28, 1989:102) toon egter aan dat by Karkemis sowel as by Ugarit daar telkens net 'n paar gevalle bestaan waar hierdie verandering wel plaasvind. By Alalah vind hierdie verandering ook selde plaas (Giacumakis, 1970:30).

Die tekste van Hatti is in hierdie opsig geen uitsondering nie. In 17.159:26,38 word "TÚG-šu = šubatšu" aangetref. So ook "E-š[u] = bitšu" (20.212:3'); "ip-pu-uš-šu-nu-ti" (17.132:27); "ir-ku-uš-šu-nu" (17.130:10,37); "uk-te-bi-it-šu-nu" (17.340:23).

---

9 Nougayrol (1956:222) lees verkeerdelik "na".

10 Huehnergard, 1979:28.

11 Von Soden, 1969:30.

By name van stede vind bogenoemde verandering ook nie plaas nie "alPaništa'i" (17.340:5' Vo.).

Greenstein (1980:51-64) gee te min aandag aan hierdie uitsonderings, wat tot gevolg het dat sy oplossing van die problematiek rondom die assimilasie van dentale en sisklanke nie oortuig nie (vgl. Huehnergard, 1989:103). Huehnergard (1989:103) meen dat hierdie uitsonderings die gevolg is daarvan dat die skrywers nie die morfofonetiese veranderings van hierdie vorme verstaan het nie. Durham (1976:204) is van mening dat die uitsonderings met betrekking tot die suffiksvorme, die gevolg is van die feit dat beide die suffiks en die woord waaraan die suffiks gevoeg is, morfografies gespel is en nie fonografies nie.

Daar is egter gevalle waar die verandering wel plaasvind: "iṣ-bá-as-sú" (17.335+379+381+235:11); "[iṣ-ša]-bá-as-sú" (ibid.:28,43); "iṣ-ba-as-su" (17.368:7) en moontlik ook "li-iṣ-ba-as-[su]" (17.79+374:18').

### 3.11 FONETIESE KOMPLEMENTE

Soos wat die geval is by Nuzi (Berkooz, 1937:20) en Alalah (Giacumakis (1970:24), word fonetiese komplemente by Hatti hoofsaaklik om drie redes gebruik.

In die meeste gevalle word fonetiese komplemente aan logogramme gevoeg om die naamval aan te dui, maar word nie konsekwent in die tekste gebruik nie: "DINGER.UTU-ši" (17.159:1); "u<sub>4</sub>-mi" (17.159:43); "NIG-gu-ur-šu" (17.133:19); "ŠĀ-bi" (18.06+17.365:14'). Met die suffiks "-šu" kom net "ŠĀ-šu" (17.383\*:13) voor. Verder kom "LÚ-lim" (17.422\*:34); "DINGER-lim" (17.383\*:38); "EGIR-ki" (17.132:28,); "EGIR-ki u<sub>4</sub>-me" (17.132:47); "KUR-ti" (17.238:12); "İR.MEŠ-ut-ti" (17.369A: 13'); "ŠU-ti" (ibid.:18'); "İR-di" (17.338:4); "GAL-ti" (17.382+380:50); "LUGAL-ri" (ibid.:51); "DUDU.KIN-ri" (ibid.:54) voor. Daar is ook voorbeelde van logogramme sonder fonetiese komplemente, byvoorbeeld: "É = biti" (17.159:14) en "LUGAL.GAL = šarri rabi" (ibid.:2).

Verder word fonetiese komplemente ook gebruik om getal (ekv. of mv.) aan te dui. Hierdie gebruik val in die meeste gevalle saam met die gebruik as naamvalaanduiders en daarom word slegs die volgende voorbeeld weergegee: "i-na u<sub>4</sub>-me-ti (ūmēti<sup>meti</sup>)" (17.130:13) "in die dae van".

In die laaste plek is fonetiese komplemente gebruik om die korrekte uitspraak van die voorafgaande spykerteken te verseker: "I<sup>l</sup>Ni<sup>q</sup>i<sup>q</sup>-ma-an-da" (17.132:10,14); "a-kán<sup>an</sup>-na" (17.369A:6', 17.227:19); "šaṭ-rat<sup>at</sup>" (17.338:7' Vo.). In hierdie korpus kom geen voorbeeld voor van gevalle waar die fonetiese komplement voor die bepaalde spykerteken geplaas is nie.

### 3.12 ASSIMILASIE EN NASALERING

In die Hatti-tekste kom assimilasië in die volgende gevalle voor: Eerstens gevalle waar "st" verander na "šš", byvoorbeeld "iṣ-ša-ba-ab-bá-as-sú" (Gt praes. 3 ml. ekv. + suff. 3 ml. ekv.) (17.335+379+381+235:43); "iṣ-ša-ab-tu<sub>4</sub>-ni-in<sub>4</sub>-ni" (Gt praet. 3 ml. mv. + vent. + suff. 1 ekv.) (17.237:9); "iṣ-ša-bat" (Gt. praes. 3 ml. ekv.) (17.227:42); "iṣ-ša-ab-ta-an-ni" (Gt praet. 3 ml. ekv. + vent + suff. 1 ekv.) (17.383<sup>\*</sup>:14).

Tweedens kom gevalle voor waar "nd" verander na "dd" byvoorbeeld "ad-din" (G praet. 1 ekv.) (17.335+379+381+235:61,62,63); "li-id-di-in" (G prek. 3 ml. ekv.) (17.382+380:56); "li-id-din" (G prek. 3 ml. ekv.) (17.79+374:36').

'n Soortgelyke verandering vind ook plaas voor die dentaal "t", waar "nt" verander na "tt": "it-ta-din-šu-nu-ti" (G perf. 3 ml. ekv. + suff. 3 ml. mv.) (17.237:3' Vo.); "it-ta-din-šu" (G perf. 3 ml. ekv. + suff. 3 ml. ekv.) (17.382+380:13); "it-ta-ši-mi" (G perf. 3 ml. ekv. + "mi" - direkte rede) (17.383<sup>\*</sup>:17).

In die vierde plek word assimilasië van "nš" na "šš" ook in die tekste aangetref: "[li-iṣ-šú-ru-šu]" (G prek. 3 ml. mv. + suff. 3 ml. ekv.) (17.338:13' Vo.). Alhoewel Nougayrol (1956:87) die teks in hierdie geval herstel, word hierdie vorm volledig aangetref in die baie gebroke teks RS 17.353:17' Vo.

Nasalering kom somtyds in hierdie korpus voor, maar is eerder die uitsondering as die reël: "I<sup>l</sup>Ni<sup>q</sup>i<sup>q</sup>-ma-an-da" (17.369A:5'); "i-na-an-di-nu-šu-nu-ti" (17.130:31); "i-na-an-di-nu" (17.382+380:51); "i-ma-an-gur" (17.227:14); "i-na-an-da-na" (17.383<sup>\*</sup>:46), maar "i-na-da-na" (ibid.:47).

## 4. HOOFSTUK 4: MORFOLOGIE

### 4.1 PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE

#### 4.1.1 Selfstandige persoonlike voornaamwoorde

Die selfstandige persoonlike voornaamwoorde word net in enkele tekste aangetref. In die volgende gevalle word hierdie voornaamwoorde in die nom. aangetref: 1 ekv. "a-na-ku" (17.422<sup>\*</sup>:28); "a-na-ku" (17.383<sup>\*</sup>:32); "a-na-ku" (17.340:12); "a-n[a]-[k]u" (17.79+374:49'); 2 ml. ekv. "a[t-ta]" (17.79+374:50'); "at-ta" (vokatief) (17.132:4,10); "at-ta" (ibid.:45); "at-ta" (20.212:21',26'); "at-ta" (20.255A:14'). In die meeste gevalle word die persoonlike voornaamwoord 1 ekv. saam met 'n werkwoord gebruik ter versterking van die werkwoord. Geen geval van die selfstandige persoonlike voornaamwoord word in die meervoud aangetref nie.

Swaim (1962:15) merk tereg op dat bogenoemde voornaamwoorde nie in die akkusatiewe naamval voorkom nie. Met betrekking tot die datiewe naamval word slegs die volgende voorbeelde aangetref: 1 ekv. "a-na a(!)-ya-ši" (17.383<sup>\*</sup>:14,44); 2 ml. ekv. "ak-ka-a-ša" = "ana kâša"<sup>12</sup> (17.79+374:3'); "ka-a-ša a-na <sup>1</sup>Níq-me-pa" (ibid.:19').

Die persoonlike voornaamwoord 3 ekv. word onder punt 4.2.1 bespreek, dus kan die volgende paradigma, met betrekking tot die selfstandige persoonlike voornaamwoorde, vanuit die beskikbare inligting weergegee word:

|        | Nominatief | Datief |
|--------|------------|--------|
| Ekv. 1 | anāku      | ayaši  |
| 2 ml.  | atta       | kâša   |
| 2 vr.  | --         | --     |
| Mv. 1  | --         | --     |
| 2 ml.  | --         | --     |
| 2 vr.  | --         | --     |

---

<sup>12</sup> Vgl. Ungnad, 1964:32.

#### 4.1.2 Genitiewe suffikse

**1 ekv.:** Deurgaans word die suffiks "-ya" gebruik vir die eerste persoon enkelvoud. Hierdie suffiks kom voor, ongeag die naamval van die woord waaraan dit geheg word. Daar sou egter verwag word dat in die nom. en akk. die suffiks "-i" gebruik sou word (vgl. Ungnad, 1964:54). By Ugarit word "-i", op een uitsondering na, egter net gebruik by vokatiwe vorme (Huehnergard, 1989:125). By die Hatti-tekste is nie een voorbeeld van laasgenoemde aangetref nie. Hier volg enkele voorbeelde: "ummiya" (gen.) (17.159:25); "i<sup>s</sup>eleppaya" (akk.) (17.133:11); "ana paniya" (gen.) (17.130:5); "belūya" (vok.) (17.340:11, 17.422<sup>\*</sup>:18, 17.383<sup>\*</sup>:42); "belūya" (nom.) (17.422<sup>\*</sup>:40); "beliya" (gen.) (17.340:12,13); "beliya" (gen.) (17.422<sup>\*</sup>:2,5,8); "ittiya" (gen.) (17.422<sup>\*</sup>:39); "māriya" (gen.) (17.247:3); "mārūya" (vok.) (20:255A:6',9').

**2 ml. ekv.:** Die suffiks in hierdie geval is deurgaans "-ka", byvoorbeeld: "ardika" (17.130:7); "mandatka" (17.227:20); "šiprika" (17.247:10,16); "eleppatika" (20.255A:13'); "belk[a]" (20.212:12',15'). In 20.255A:6' moet "ana muḥḥiya" eerder gelees word as "ana muḥḥika". Die sin sal dan (vertaald) as volg lui: "Is dit nie met betrekking tot die alkabašu-steen en die kabdum-steen so dat ek aan jou (ana muḥḥika), my seun, geskryf het nie...". "ana muḥḥiya" blyk hier 'n skryffout te wees (vgl. Nougayrol, 1968:101).

**2 vr. ekv.:** In die tekste word nie 'n voorbeeld van hierdie suffiks aangetref nie.

**3 ml. ekv.:** Die suffiks "-šu" word in die meerderheid van gevalle gebruik, byvoorbeeld: "SAG.DU.-šu" (17.159:7); "TúG-šu" (ibid.:26); "DUMU-šu" (ibid.:28); "GIS.Má-šu" (17.133:8); "a-bi-šu" (18.06+17.365:13'); "HUR.SAG-šu" (17.369A:22'); "EN-šu" (17.227:6); "URU<sup>lim</sup>-šu" (17.79+374:12'). Die ander suffiks wat gebruik word, is "-šú", byvoorbeeld "DUMU.MEŠ-šú DUMU.MEŠ DUMU.MEŠ-šu" (17.368:8'-9' Vo.). Huehnergard (1989:127) maak melding van 'n soortgelyke voorbeeld. In 17.368:10' word die volgende egter ook aangetref: "DUDU.MEŠ-šú DUMU.MEŠ DUMU.MEŠ-šú". "DUMU.MEŠ-šu DUMU DUMU.MEŠ-šu" kom ook voor (17.335+379+381+235:25). Klaarblyklik het verskillende skryfwyses van hierdie uitdrukking voorgekom en kan niks meer daaruit afgelei word nie. In een geval word "-su" gebruik na 'n dentale klank "KUR-su" (17.79+374:12'). Die dualisvorm "-šuni" (Whiting, 1972:336) word nie aangetref nie.

**3 vr. ekv.:** Twee suffikse kom voor, naamlik "-š<sup>~</sup>i" en "-š<sup>~</sup>a". In 17.159:44,45,46 word die volgende aangetref: "DUMU.MEŠ-š<sup>~</sup>i", "DUMU.mí.MEŠ-š<sup>~</sup>i", "Lú.MEŠ ha-at-ni-š<sup>~</sup>i". In 17.382+380:14-17 word die volgende uitdrukking twee maal aangetref: "GN qa-du URU.DIDLI.HÁ š<sup>~</sup>a li-me-ti-š<sup>~</sup>a" oftewel "GN tesame met die stede wat haar omring". Omdat geen verdere getuienis voorkom nie, kan geen afleidings gemaak word nie. Vgl. ook Huehnergard (1979:31, 1989:128) se bespreking.

**1 mv:** In 17.227:10 word 'n voorbeeld van hierdie suffiks aangetref: "it-ti-ni".

Geen voorbeelde van suffikse **2 ml. mv.** en **2 vr. mv.** is in die tekste aangetref nie.

**3 ml. mv.:** Die suffiks is altyd "-š<sup>~</sup>unu", byvoorbeeld: "DI-š<sup>~</sup>u-nu" (17.133:13); "Kù.BABBAR-š<sup>~</sup>u-nu" (17.238:13); "KUR-š<sup>~</sup>u-nu" (17.130:15); "EN-š<sup>~</sup>u-nu" (17.132:25).

In hierdie tekste is nie 'n voorbeeld gevind van die suffiks **3 vr. ekv.** nie.

Die volgende paradigma vir genitiewe suffikse kan vanuit bogenoemde inligting weergegee word:

|                    |                                           |                   |                     |
|--------------------|-------------------------------------------|-------------------|---------------------|
| <b>1 ekv.:</b>     | -ya                                       | <b>1 mv.:</b>     | -ni                 |
| <b>2 ml. ekv.:</b> | -ka                                       | <b>2 ml. mv.:</b> | --                  |
| <b>2 vr. ekv.:</b> | --                                        | <b>2 vr. mv.:</b> | --                  |
| <b>3 ml. ekv.:</b> | -š <sup>~</sup> u, -š <sup>~</sup> ú, -su | <b>3 ml. mv.:</b> | -š <sup>~</sup> unu |
| <b>3 vr. ekv.:</b> | -š <sup>~</sup> i, -š <sup>~</sup> a      | <b>3 vr. mv.:</b> | --                  |

#### 4.1.3 Akkusatiewe suffikse

Akkusatiewe suffikse word aan werkwoorde gevoeg. Die volgende vorme word aangetref:

**1 ekv.:** Die suffiks hier is vent. + "-ni", byvoorbeeld: "li-še-zi-ba-an-ni" (17.422<sup>\*</sup>:43); "e-er-ri-ša-an-ni" (17.383<sup>\*</sup>:37); "ù-š<sup>~</sup>a-aḫ-ḫa-tu-ni-in<sub>4</sub>-ni" (17.340:14). Dit is opvallend dat die Bab. vorm ("-anni") van die suffiks deurgaans aangetref word. Dit stem ooreen met Huehnergard (1979:32) se bevinding ten opsigte van Karkemis.

**2 ml. ekv.:** "e-te-púš-ka" (17.422<sup>\*</sup>:27); "uz-za-ki-ka" (20.212:5'); "ú-za-ak-ki-i-ka" (ibid.:14'); "PAP<sup>ru</sup>-ka" (20.255A:3'); "ul-te-še-eb-kà" (17.338:3). Die suffiks is dus "-ka" met "-kà" net in die bogenoemde geval.

**2 vr. ekv.:** Geen voorbeeld word aangetref nie.

**3 ml. ekv.:** In die meerderheid van gevalle word "-šu" gebruik, byvoorbeeld: "li-ip-pu-šu-ni-iš-šu" (hier na 'n ventief) (18.06+17.365:12'); "li-ḫal-li-qú-šu" (ibid.:13'); "ú-qar-ri-ib-šu" (ibid.:19'); "ta-kà-al-la-a-šu" (17.79+374:46'); "ú-ta-ar-šu" (17.238:10); "a-la-qí-šu" (ibid.:17); "i-la-qí-šu-ma" (17.369A:16'). Swaim (1962:19) meen dat laasgenoemde voorbeeld eerder 'n skryffout sou wees vir die suffiks 3 ml. mv.. Die antesedent is egter nie "amīlu munnabituttu" (17.369A:8') nie, maar wel "mammaman" (ekv.) in 17.369A:16'.

In sommige tekste word die suffiks ook weergegee met "-sú", byvoorbeeld: "li-iš-bat-sú-ma" (17.79+374:39'); "iṣ-bá-ás-sú" (17.335+379+381+235:11); "iṣ-ša-ab-bá-ás-sú" (ibid.:43). In al hierdie gevalle volg die suffiks na 'n dentale klank.

In een geval word "-šú" gebruik: "ú-mas-sar-šú" (17.130:24). Die enigste ander skryfwyse wat voorkom is "-su": "iṣ-ba-as-su" (17.368:7').

**3 vr. ekv.:** Die suffiks "-ši" word aangetref in 17.159:10, "e-te-zi-ib-ši" en 17.159:37 "ú-ta-ar-ši", maar "i-li-'e-e-šu" (17.159:50). 'n Derde suffiks wat gebruik word, is "-ša": "ú-sà-aḫ-ḫi-tu-ša" (17.340:6). Huehnergard (1989:128) toon aan dat al drie hierdie suffikse ook by Ugarit gebruik is.

Geen voorbeelde van suffikse 1 ml. mv., 2 ml. mv. en 2 vr. mv. word in die tekste aangetref nie.

**3 ml. mv.:** Die suffiks "-šunuti" (Bab. vorm) kom in die meeste gevalle voor: "ip-pu-uš-šu-nu-ti" (let op dat verandering na -ss- nie plaasvind nie) (17.132:27); "ik-kim-šu-nu-ti" (ibid.:39); "uk-tal-lim-šu-nu-ti" ("kullumu" neem dubbele akkusatief) (20.212:20'); "in-na-šu-nu-ti" (ibid.:23'); "il-ta-par-šu-nu-ti" (ibid.:28'); "li-šal-lim-šu-nu-ti" (17.159:21); "i-na-an-di-nu-šu-nu-ti" (17.130:31); "it-ta-din-šu-nu-ti" (17.237:3' Vo.); "i-qi-iš-šu-nu-ti" (17.340:21); maar in dieselfde teks word die volgende aangetref: "uk-te-bi-it-šu-nu" (ibid.:23). Die suffiks "-šunu" word ook in 17.132 gebruik saam met "-šunuti": "ta-pa-laḫ-šu-nu" (17.132:5,32); "i-la-qí-šu-nu" (ibid.:43). In 17.340:23 word "uk-te-bi-it-šu-nu" aangetref terwyl die suffiks "-šunuti" slegs twee

reëls tevore gebruik is. Al afleiding wat gemaak kan word, is dat, soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:33), Ugarit (ibid., 1989:132) en Alalah (Aro, 1954:362, Giacumakis, 1970:33-34), daar ook by Hatti twee vorme van die suffiks **3 ml. mv.** voorkom.

**3 vr. mv.:** Slegs een voorbeeld van hierdie suffiks word aangetref en alhoewel die vorm Ass. is (vgl. Ungnad, 1964:33), kan daar weens te min getuienis nie enige afleidings gemaak word nie. In 17.132:16 word "ta-na-sar-šī-na" aangetref.

Die paradigma vir die akkusatiiefsuffikse sien dus as volg daaruit:

|                    |                    |                   |                |
|--------------------|--------------------|-------------------|----------------|
| <b>1 ekv.:</b>     | -(an)ni            | <b>1 mv.:</b>     | --             |
| <b>2 ml. ekv.:</b> | -ka, -kà           | <b>2 ml. mv.:</b> | --             |
| <b>2 vr. ekv.:</b> | --                 | <b>2 vr. mv.:</b> | --             |
| <b>3 ml. ekv.:</b> | -šū, -šú, -su, -sú | <b>3 ml. mv.:</b> | -šunuti, -šunu |
| <b>3 vr. ekv.:</b> | -ši, -ša, -šu (?)  | <b>3 vr. mv.:</b> | -šina (?)      |

#### 4.1.4 Datiewe suffikse

**1 ekv.:** Die volgende kan vermeld word: "iṣ-ša-ab-ta-an-ni" (17.383<sup>\*</sup>:14); "tu-še-bi-la-an-ni" (20.255A:8'); "li-še-bi-la-an-ni" (ibid.:12); "iṣ-ša-ab-tu<sub>4</sub>-ni-in<sub>4</sub>-ni" (17.237:9). Dit is opvallend dat die suffiks "-ammi" nie gebruik word soos wat die geval by Karkemis (Huehnergard, 1979:33) en Alalah (Giacumakis, 1970:34) is nie. Huehnergard (1989:133) meen dat verwarring tussen die akk. en dat. suffikse 'n moontlike rede hiervoor kan wees, of dat die ventief moontlik nie gesien is as 'n goeie aanduider vir die **1 ekv. dat.** nie.

**2 ml. ekv.:** Hierdie suffiks word duidelik onderskei van die akkusatiewe suffiks, want deurgaans word "-ku" gebruik: "ú-dám-mi-qa-ak-ku" (17.132:18); "i-na-an-di-na-ak-ku" (ibid.:52); "ul-te-bi-lak-ku-um-mi" (let op mimasie wat behou is voor die aanduider van die direkte rede) (17.383<sup>\*</sup>:12); "i-šap-pa-ar-ru-nik(!)-ku" (20.212:10'). Die suffiks word in alle gevalle na die ventief gebruik.

**2 vr. ekv.:** Geen voorbeeld word aangetref nie.

**3 ml. ekv.:** Slegs een voorbeeld word in hierdie tekste aangetref: "i-šap-pa-ru-ni-iš-šu" (20.212:8').

Van die suffikse 3 vr. ekv., asook 1 mv., 2ml. mv., 2 vr. mv. en 3 vr. mv. word geen voorbeelde in die tekste aangetref nie.

**3 ml. mv.:** In 20.212:26' is "ta-kál-la-šu-nu-ti" waarskynlik datief en so ook "šu-ku-un-šu-nu-ti-ma" (ibid.:30'). Dit is egter nie altyd maklik om die datief te onderskei nie en daarom is dit moontlik dat daar meer voorbeelde mag bestaan. In die genoemde voorbeelde word die Assiriese vorme van die suffiks aangetref (vgl. Ungnad, 1964:176).

Die paradigma van die datiewe suffikse sien dus as volg daar uit:

|                    |             |                   |         |
|--------------------|-------------|-------------------|---------|
| <b>1 ekv.:</b>     | -vent. + ni | <b>1 mv.:</b>     | --      |
| <b>2 ml. ekv.:</b> | -ku         | <b>2 ml. mv.:</b> | --      |
| <b>2 vr. ekv.:</b> | --          | <b>2 vr. mv.:</b> | --      |
| <b>3 ml. ekv.:</b> | -šu         | <b>3 ml. mv.:</b> | -šunuti |
| <b>3 vr. ekv.:</b> | --          | <b>3 vr. mv.:</b> | --      |

## 4.2 ANDER VOORNAAMWOORDE

### 4.2.1 Anaforiese voornaamwoord

Huehnergard (1979:34) meld dat in alle Akkadiese dialekte die derde persoon selfstandige persoonlike voornaamwoord vormlik dieselfde is as die anaforiese (verder aanwysende) voornaamwoord. In die voorbeelde wat hier volg word onderskeid gemaak tussen voornaamwoorde wat 'n aanwysende (dem.) funksie vervul en voornaamwoorde wat 'n persoonlike (pers.) funksie vervul.

**ml. ekv. (dem.):** In hierdie korpus is net een voorbeeld van hierdie aard aangetref: "Lú<sup>lim</sup> ša-a-šu" (17.130:28). Uit die aard van die saak kan daaruit geen afleidings gemaak word nie, behalwe om te meld dat die vorm en attributiewe gebruik ooreenstem met die 3 voorbeelde wat Huehnergard (1979:35) meld in verband met die Karkemis-korpus.

**ml. ekv. (pers.):** Die volgende voorbeelde word aangetref: "Lú tar-te-en<sub>6</sub>-nu šu-u-ut" (17.159:23); "dá-gi<sub>2</sub> -il pa-ni-šu šu-ú" (17.335+379+381+235:8); "da-gi-il pa-ni->šu< šu-ú" (17.368:4'). "la-a ri-ki<sub>1</sub>-tu<sub>4</sub> šu-u-tu<sub>4</sub>" (17.382+380:59) "dit is nie 'n bepaling nie", blyk 'n voorbeeld te wees van die onbepaalde gebruik, soos Huehnergard (1989:134) aandui.

**ml. mv. (pers.):** "[a-n]a mat al<sub>1</sub>-ga-ri-it šu-nu" (17.237:13); "ul-tu la-be-er-ti šar māt al<sub>1</sub>-ga-ri-it ù šar māt al<sub>1</sub>-sī-ya-an-nu 1-en-nu-tu<sub>4</sub> šu-nu" (17.335+379+381+235:4, 17.382+380:4). Geen voorbeeld van "šu-nu-mi" (Huehnergard, 1979:36) of "šu-nu-ma" (ibid., 1989:135) word in die tekste aangetref nie.

**vr. ekv. (dem.):** Slegs een voorbeeld kan genoem word: "a-na a-ma-ti ša-a-ši" (17.247:13). Dieselfde vorm word ook by Karkemis aangetref (Huehnergard, 1979:35).

**vr. mv. (dem.):** Alhoewel in 'n gebroke teks, word die volgende voorbeeld aangetref: "[a-ma-te] mes ri-kil-ti ša-a-ši-na" (17.335+379+381+235:13).

#### 4.2.2 "annû"

Die volgende voorbeelde van die aanwysende voornaamwoord "annû" kan vermeld word:

**ml. ekv. nom.:** "tup-pu an-nu-ú" (17.159:50, 17.237:8' Vo.). 'n Verskynsel wat nie by Karkemis (Huehnergard, 1979:37) of Ugarit (ibid., 1989:136) voorkom nie, maar wel by Alalah (Giacumakis, 1970:35), word ook by Hatti aangetref, naamlik dat die aanwysende voornaamwoord "annû" sonder 'n selfstandige naamwoord gebruik word in die sin van "hierdie saak/een": "ma-a ú-ul a-na muḫ-ḫi-ya-a an-nu-ú ú-la-za-an-mi" (17.383<sup>\*</sup>:15) "Is dit nie dat hierdie een met my spot nie?".

**akk.:** "iš-me-ma LUGAL.GAL an-na-a qa-ba-šu ša Ni-iq-ma-an-da" (17.340:15) "Die groot koning het hierdie woord van Niqmadu gehoor"; "ŠE.BAR an-na-a" (20.212:23'); "di-na an-na-a" (17.237:11).

gen.: "a-na qāti amīlim an-ni-i" (17.422<sup>\*</sup>:35); "a-na an-ni-i ri-ik-šf" (17.338:5' Vo.). In een geval word die voornaamwoord onbepaald gebruik: "ul pu-ut an-ni-i" (20.212:7') "nie voor hierdie (saak) (is die voorafgaande geldig nie)".

vr. ekv. akk.: "ri-kf-ta an-ni-ta" (17.227:47, 17.382+380:62), soos ook by Ugarit (Huehnergard, 1979:37).

gen.: "ri-kf-il-ti an-na-a-ti" (17.340:16' Vo.); "i-na a-ma-ti an-ni-ti" (20.212:27'); "tup-pf an-ni-ti" (17.227:49,52).

ml. mv. nom.: "ilānu an-nu-tu<sub>4</sub>" (18.06+17.365:11'); "alānu an-nu-tu<sub>4</sub>" (17.237:12).

akk.: "šarrāni an-nu-ti" (17.132:50).

gen.: "aš-šum alāni an-nu-ti" (17.237:8,5' Vo.).

vr. mv. nom.: "mi-nu-ú a-ma-tu MEŠ<sup>✓</sup> an-na-tu<sub>4</sub>" (17.383<sup>\*</sup>:10).

akk.: "dināti an-na-ti" (17.368:4'Vo); "a-ma-te MEŠ<sup>✓</sup> an-na-a-ti" (17.132:15).

#### 4.2.3 Vraende voornaamwoorde

Anders as wat die geval is by Karkemis en Ugarit (slegs tekste gevind by Ras Shamra) word die vraende voornaamwoorde "mīnu" en "ammīnu" en in twee gevalle "mannu" (persoonlike vraende voornaamwoord) wel by Hatti aangetref.

Voorbeelde van "mīnu" is: "mi-nu-ú a-ma-tu MEŠ<sup>✓</sup> an-na-tu<sub>4</sub>" (17.383<sup>\*</sup>:10) en "ù mi-na-a ša Nfq-me-pa" (17.79+374:47'). Hieruit is dit duidelik dat Huehnergard (1989:136) se voorstel dat "mi-na-a" (<sup>\*</sup>EA 47:25) in die akkusatiewe naamval staan, wel geregtig is.

Die ander vraende voornaamwoord "ammīnu" word in 17.247 aangetref: "am-mi-nu la-a tal-li-ka" (:9) en "am-mi-nu la-a tal-tap-pa-ra" (:11). Dit is interessant om daarop te let dat die vorm "ammīnu" is en nie "ammini" (ana + mīnim) nie. Na "ana" word inderdaad die genitief verwag. 'n Moontlike verklaring vir hierdie skryfwyse (wat nie elders aangetref word nie) is miskien te vind in die feit dat die betrokke teks uit 'n latere era dateer. Dit mag wees dat "ammīni" so deel geword

het van die spreek- en skryftaal, dat die woord as nuwe woord behandel is en daar nie meer waarde geheg is aan die konstruksie waaruit die woord oorspronklik ontwikkel het nie.

In 20.212:11' word die korrekte vorm egter aangetref: "am-mi-ni la te-pu-uš"; so ook "am-mi-mi it-ti-ni" (17.227:9). Die laasgenoemde teks dateer uit 'n vroeë tyd, terwyl die datering van die eersgenoemde twyfelagtig is (Kühne, 1974:143,152). Behalwe as "ammīnu" gesien wil word as 'n skryffout wat twee maal in dieselfde teks (17.247) voorkom, kan dus afgelei word dat "ammīni" ontwikkel het tot 'n selfstandige woord en vandaar die vorm "ammīnu" in die betrokke teks.

"mannu" kom voor in 17.383<sup>\*</sup>:45 en wel in die betekenis van "wie" of "watter": "ma-an-nu ša-nu-um-ma SĠG.ZA.KUR.MEŠ i-na-an-da-na". Met dieselfde betekenis word "mannu" ook in 17.422<sup>\*</sup>:43 aangetref: "ù ma-an-nu li-še-zi-ba-an-ni".

#### 4.2.4 Onbepaalde voornaamwoorde

In die eerste plek word gelet op onbepaalde voornaamwoorde met 'n persoonlike strekking. Die eerste vorm wat aangetref word is "mamma", wat in 'n negatiewe sin gebruik word: "ma-am-ma iš-tu qa-ti-ka la-a i-la-qì-šu-nu" (17.132:42) "niemand mag hulle uit jou hand neem nie". In dieselfde teks word die volgende uitdrukking twee maal aangetref: "ma-am-ma iš-tu ŠU-ka lu-ú la-a ik-kim-šu-nu-ti" (ibid.:38,47) "niemand mag verseker hulle uit jou hand neem nie". Die enigste ander plek waar die persoonlike onbepaalde voornaamwoord in 'n negatiewe sin gebruik word, is: "ù LUGAL ša-nu-um-ma ša KUR ša-ni-tim-ma ma-am-ma-am-an la-a i-la-qì-šu-ma" (17.369A:16') "dan mag die ander koning van die ander land niemand (van hulle) neem nie". Hierdie vorm (ma-am-ma-am-an) kom op geen ander plek voor nie. Moontlik moes die vorm eerder "ma-am-ma-an" gewees het (vgl. Huehnergard, 1989:137).

Anders as by Ugarit (Huehnergard, 1989:138) word "mamma" nie in apposisie by "amīlu" gebruik nie. Verder word "mamma" nie soos by Karkemis (ibid., 1979:37) net in negatiewe sinne gebruik nie. In 17.79+374:4' word die uitdrukking "lu-ú ma-am-ma" in die betekenis van "of enige een" aangetref. "ma-am-ma" het ook in 17.238:6 die betekenis van "enige iemand".

Die ander vorm wat aangetref word, is "mannumê". Hierdie vorm word nie in 'n negatiewe sin aangetref nie. In hierdie opsig is daar nie 'n verskil in betekenis tussen "mamma" en "mannumê" nie. In 17.79+374:4', 11' word beide vorme aangetref en wil dit voorkom asof die vorme, soos by Ugarit (Huehnergard, 1989:137) afwisselend gebruik kon word. In een geval word "mannumê" saam met "ša" gebruik: "ma-an-nu-um-me-e ša a-ba-te<sup>m</sup> tup-pa<sup>m</sup> an-nu-ti ú-ša-aš-na-a..." (17.237:9' Vo.) "iemand wat die woorde van hierdie tablette verander..."

Vervolgens word gelet op die onbepaalde voornaamwoorde met 'n onpersoonlike strekking. Die eerste vorm wat aandag geniet, is "mimma". In 17.132:30 staan die woord in apposisie na 'n selfstandige naamwoord in die betekenis van "alle": "ERIN.MEŠ mim-ma" "alle soldate". Die woord word in dieselfde teks ook onafhanklik gebruik: "ú pí-qa-at URU.DIDLI ša li-me-ti-ka it-ti-ka mim-ma i-na-kir-ru..." (ibid.: 43-45) "en gestel miskien die stede van jou omgewing, teen jou word enige een vyandig...". In 17.338:12 word die woord in 'n gebroke konteks ook klaarblyklik saam met 'n selfstandige naamwoord gebruik: "[pi-qá-at a-ma-tu<sub>4</sub>] mi-im-ma" "[miskien] (val) een of ander [saak] (voor)". Dit wil voorkom asof "mimmu" ook met suffikse gebruik kan word: "mim-mu-[š]u" (ibid.:13' Vo.) "alles van hom". Anders as by Karkemis (Huehnergard, 1979:37) en Ugarit (ibid., 1989:139) word "mimma" nie in 'n negatiewe sin gebruik nie. In 17.382+380:50 word "mimma" gebruik in die betekenis van "van watter aard ookal".

Die randvorm (vgl. Huehnergard, 1979:38) "minummê" word ook aangetref, in twee gevalle in apposisie voor "šulmanu": "mi-nu-me-e šul-ma-nu" (17.383\*:8; 17.422\*:8). In 'n ander geval word "minummê" in apposisie voor die selfstandige naamwoord "mēreltu" gebruik: "mi-nu-me-e mé-re-el-tu<sub>4</sub> ša EN-ya e-te-ri-iš..." (17.422\*:31-33) "wat ookal die versoek wat my heer verlang...". In 17.159 word "minummê" ook soos in die vorige voorbeeld saam met "ša" in 'n betreklike bysin gebruik: "ù mi-nu-me-e ša MUMU.Mí PN ša i-na É PN ul-te-ri-bu..." (:12-15) "en alles wat die dogter van PN tot in die huis van PN gebring het...". In 17.159:18-19 word dieselfde aangetref: "mi-nu-me-e ša PN i-na-ki-ru" "alles wat PN vir homself toe-eien". So ook "mi-nu-um-me-e a-ma-te MEŠ ša [...]" (17.338:6' Vo.) "wat ookal die woorde van [...]". "minummê" word dus nie in 'n negatiewe sin aangetref nie. In die meeste gevalle word hierdie vorm in 'n betreklike bysin saam met "ša" gebruik.

Die laaste vorm wat aandag vra, is "ayyumma/e" (vgl. Huehnergard, 1979:40) oftewel "a-i-ú-um-ma/e". Hierdie woord word slegs in 17.79+374 gebruik. In een

geval (:29') is die teks gebroke, maar dit wil voorkom asof die woord hier in 'n betreklike bysin gebruik word, maar sonder "ša": "ja-i-ú-um-ma i-te-eb-bi" "enige een wat weg gaan". Soos wat die geval is by Bogazköy, Amarna en Nuzi (vgl. AHW, 1985:26a), word buiten die vorm "ayyumma" ook die vorm "ayyumme" aangetref en wel in 17.79+374:13': "ù a-i-ú-ti-me-e NAM.RA.MEŠ iš-tu [GN]" "en enige buit vanaf die land [GN]". In die eerste geval word die woord onafhanklik gebruik en in die tweede geval (in meervoudsvorm) saam met 'n selfstandige naamwoord.

Bogenoemde vorme is alle vorme van die onbepaalde voornaamwoord wat in die tekste van Hatti aangetref word.

#### 4.2.5 "gabbu"

Huehnergard (1989:142) merk op dat in die tekste van Ugarit en Karkemis, daar rondom die woord "gabbu" ("alles") verwarring bestaan, veral met betrekking tot die laaste vokaal van die woord en die naamval van die volgende woord. In die Hatti-tekste word die woord slegs vyf maal aangetref.

In 17.132:30 word die volgende gelees: "ù šum-ma LUGAL.MEŠ gáb-bu-šu-nu ERIN.MEŠ mim-ma a-na ha-ba-ti ša KUR-ka á-ma-šar-ru..." "en indien al die konings alle soldate tot aanval van jou land loslaat...". Die gebruik van "gabbu" is in hierdie geval interessant omdat dit staan ná die selfstandige naamwoord wat dit beskryf, anders as by Karkemis (Huehnergard, 1979:41). In hierdie geval staan "gabbu" + suff. in dieselfde naamval (nominatief) as die voorafgaande selfstandige naamwoord en is daar dus geen sprake van 'n vaste uitdrukking ("gabbi-šunu") nie (vgl. Huehnergard, 1979:41 voetnoot 82).

Dieselfde verskynsel word ook aangetref in 17.227:3: "e-nu-ma LUGAL.MEŠ KUR nu-ha-aš-ši gab-bu-šu-nu..." "toe die konings van die land Nuzi, hulle almal...". In hierdie geval skei 'n pleknaam egter "gabbu" + suff. van die selfstandige naamwoord "šarranu".

In 17.369A:21' word "gabbu" gebruik na 'n geografiese naam: "ap-pu-na-ma KUR.URU ú-ga-ri-it gab-b[u-ú]..." "wat meer is, die hel[e] land Ugarit...". Indien die teks hier korrek herstel is, sou dit daarop dui dat waar "gabbu" saam met 'n selfstandige naamwoord in die nominatief of 'n geografiese naam gebruik word, die vorm altyd "gabbu" is.

In 17.383<sup>\*</sup>:7 word die woord saam met "šulmu" gebruik met die betekenis "alles (gaan/is) goed". Hierdie uitdrukking kom klaarblyklik nie by Karkemis of Ugarit voor nie (vgl. Huehnergard, 1979:41; *ibid.*, 1989:141). Opvallend is egter die uitgang van die woord in hierdie geval: "gáb-bá šulmu". Daar sou miskien eerder verwag word dat beide woorde dieselfde uitgang moet hê, behalwe in die geval waar daar te make is met 'n vaste uitdrukking. Genoegsame getuienis ontbreek egter om wel so 'n afleiding te maak. Die enigste plek waar hierdie twee woorde weer saam gebruik word, is in 20.212:3': "it-ti DINGER.UTU-ši gab-bu É-šu šu-ul-mu". In hierdie sin word "gabbu" egter eerder saam met "bitšu" (die "t" en "š" het nie geassimileer nie) gebruik: "met die Son, sy hele huis, gaan dit goed". Huehnergard (1989:142) dui aan dat die vorm "gabbu" ook in genitiefkonstruksies gebruik kan word.

Samevattend kan gemeld word dat hierdie woord baie minder in die Hatti-tekste as in dié van Karkemis en Ugarit voorkom. Die vorm "gabbi" word nie aangetref nie. Die vorm "gabbu" word in nominatief- en genitiefkonstruksies gebruik. In een geval word "gabba" gebruik (moontlik as deel van 'n vaste uitdrukking).

#### 4.3 SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

##### 4.3.1 Verbuiging

Daar is reeds vermeld dat selfstandige naamwoorde in hierdie tekste meestal met behulp van logogramme uitgedruk word (vgl. 3.1 hierbo). As gevolg daarvan bestaan daar nie baie gegewens vir gevolgtrekkings met betrekking tot die selfstandige naamwoorde nie.

Die verbuiging van selfstandige naamwoorde is oor die algemeen reëlmatig (vgl. Ungnad, 1964:49; Von Soden, 1969:79). Die volgende reëlmatige vorme word aangetref:

**nom. ekv.:** "tup-pu an-nu-ú" (17.159:50; 17.237:8' Vo.) "hierdie brief".

**nom. mv.:** "a-ma-tu-MEŠ an-na-tu<sub>4</sub>" (17.383<sup>\*</sup>:10) "hierdie woorde"; "DINGER.MEŠ (ilānu) an-nu-tu<sub>4</sub>" (18.06 + 17.365:11') "hierdie gode".

**akk. ekv.:** "'tup-pa kà-an-kà" (17.132:51) "geseëlde brief"; "ri-ki-l-ta" (17.130:35) "verdrag"; "ki-it-ta" (17.227:15) "trou".

**akk. mv.:** "a-ma-te-MEŠ<sup>✓</sup> an-na-a-ti" (17.132:15) "hierdie woorde"; "tup-pa-a-ti" (20.212:6') "briewe".

**gen. ekv.:** "iš-tu qa-qa-ri" (17.383<sup>\*</sup>:17) "van die grond af"; "i-na ka-a-ri" (17.133:8) "teen die hawemuur"; "aš-šum a-ma-te-MEŠ<sup>✓</sup> ša ŠÀ-bi (libbi) tup-pí an-ni-ti" (17.227:48) "met betrekking tot die woorde wat in hierdie brief (geskryf is)".

**gen. mv.:** Geen sillabies-geskrewe voorbeeld hiervan word aangetref nie, behalwe die voorbeeld "aš-šum a-ma-te-MEŠ<sup>✓</sup> ša ŠÀ-bi (libbi) tup-pí an-ni-ti" (17.227:48), waarna hierbo verwys is. "a-ma-te-MEŠ<sup>✓</sup>" is in hierdie geval Ass., want die Bab. vorm sou "a-ma-ti-MEŠ" wees (vgl. Ungnad, 1964:137).

Daar is egter ook sekere onreëlmatighede in die tekste met betrekking tot die selfstandige naamwoorde. In 17.422<sup>\*</sup>:32 word "me-re-el-tu<sub>4</sub>" (nom.) aangetref in die plek van 'n akk. In 17.237:9' Vo. word die akk. "tup-pa-MEŠ" gebruik waar die gen. verwag sou word, soos die geval is in 17.340:16. Hierdie verskynsels, wat ook by Alalah (Giacumakis, 1970:44), Amarna (Böhl, 1909:33), Ugarit (Huehnergard, 1989:144) en Karkemis (ibid., 1979:42) voorkom, kan nie verklaar word nie, behalwe as moontlike skryffoute (Huehnergard, 1989:143-144), of as 'n neiging wat by die skrywers ontstaan het om naamvalle uit te skakel (Giacumakis, 1970:44).

Soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:46) en Ugarit (ibid., 1989:144) word "umma" gevolg deur 'n persoonsnaam in die genitief, byvoorbeeld "um-ma pí-ḫa-wa-al-ú-i" (17.227:1); "um-ma ta-ku-uh-li" (17.383<sup>\*</sup>:3). "Šuppilulima", soos onder andere aangetref in 17.227:1, blyk 'n naam te wees wat nie verbuig word nie. Die gebruik van die "-i" (17.383<sup>\*</sup>:3) is interessant, omdat persoonsname gewoonlik diptoties is en eindig op "-a" (soos by "Šuppilulima").

Die lokatiewe bywoordelike "-ānu(m)" word aangetref by "ašrānu" en die terminatiewe bywoordelike "-iš" kom voor by "danniš" en "dāriš". Von Soden (1969:89) meld dat "-iš" sedert 1300 v.C. ook gebruik is om vergelyking aan te dui, soos wat in 17.247:17 ("du-luh-ti-iš") die geval is. Vir verdere bespreking van hierdie vorme, sien hieronder 4.6.

#### 4.3.2 Die verboë vorm voor selfstandige naamwoorde

Die sillabies-geskrewe vorme wat hier aan die orde kom, word vervolgens gelys.

**ekv.:** "[a-na t]i-il<sub>5</sub>-la-at LUGAL.KUR.URU..." (17.79+374:2'); "a-na muḫ-ḫi EN-ya" (17.383<sup>\*</sup>:30); "i-na ŠÀ-bi (libbi) KUR ú-ga-ri-it" (17.130:12) (met betrekking

tot "muḫḫi" en "libbi", vgl. Von Soden, 1969:82, asook Ungnad, 1964:52); "ù qa-at mur-ši-li LUGAL G[AL]" (17.79+374:51'); "šar KUR.URU ú-ga-ri-it" (17.237:15).

mv.: "a-na šu-pa-li ĠIR.MEŠ" (17.227:45) is die enigste voorbeeld 'n verboë vorm voor 'n selfstandige naamwoord in die meervoud (vgl. AHW, 1981:1278).

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat, soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:48), daar ook in hierdie geval by die Hatti-tekste nie afwykings van die normale Akkadiese patroon is nie. Huehnergard (1989:150-152) probeer egter om sekere afwykings in die Ugarit-korpus aan te toon.

#### 4.3.3 Die verboë vorm met suffikse

Die volgende voorbeelde word eerstens genoem:

ekv.: "ana LÚ tap-pu-ti-šu" (gen.) (17.383\*:36); "LÚ.DUMU.KIN-ri-ya (šipriya)" (nom.!) (17.422\*:29); "EN-ya" (nom.!) (ibid.:18); "a-na muḫ-ḫi-ka(!) DUMU-ya" (gen.) (20.225A:6'); "DUMU-ya" (nom.!) (20.255A:9',12'); "GIŠ.MÁ-ya" (akk.!) (17.133:11); "a-na ti-il<sub>5</sub>-lu-ti-šu" (gen.) (17.79+374:5').

mv.: "DUMU.MEŠ šip-ri-ka" (akk.) (17.247:10,16).

Vanuit bogenoemde kan gesien word dat in hierdie tekste, soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:48), wat die gen. betref, geen afwykings voorkom nie. Omdat die korpus van Hatti hier beperk is, kan hierdie afleiding egter nie as reël gestel word nie.

Met betrekking tot die nom. en akk. blyk die geval anders te wees. Gevalle is aangedui waar die nom. 1 ekv. met die genitiëfsuffiks "-ya" voorkom, byvoorbeeld in plaas van "DUMU-ri" (Ugnad, 1964:141), word "DUMU-ya" aangetref. Dieselfde verskynsel is ook aangetref by akk. 1 ekv. Weer eens is gegewens onvoldoende om afleidings te maak, maar hierdie verskynsel kom in hierdie korpus slegs by briewe en regsgedinge voor.

Anders as by Ugarit (Huehnergard, 1989:153) kan daar nie gevalle aangetoon word waar die nom. en akk. in die verboë vorm naamvalsuitgange voor die suffiks het nie. Die enigste moontlikheid hiervan is 17.422\*:29: "ù a-nu-ma LÚ.DUMU KIN-ri-ya...at-ru-uš" "en kyk, my boodskapper...stuur ek".

#### 4.3.4 Status absolutus

Slegs getalle word in die tekste in die status absolutus aangetref: "1-en (išten)" (20.212:21'; 17.382+380:44) "1"; "1 me-at" (17.382+380:44) "100". Sien Durham (1976:505) ook in hierdie verband.

### 4.4 DIE WERKWOORD

#### 4.4.1 Persoonsaanduiders

**Imperatief:** By Karkemis (Huehnergard, 1979:51), Alalah (Giacumakis, 1970:54) en tot 'n groot mate Ugarit (Huehnergard, 1989:156) word slegs die ml. ekv. imperatiefvorm aangetref. By Hatti blyk dit ook die geval te wees. Die volgende voorbeelde kan genoem word:

G: "qí-bi-ma" (17.132:2); "a-mu-ur-ma" (17.383<sup>\*</sup>:29); "i-din" (20.255A:24').

Š: "šu-bi-la" (17.247:20; 17.422<sup>\*</sup>:22).

**Praesens, Praeteritum, Perfectum:** Weens die feit dat alle persoonsvorme nie in die tekste van Hatti aangetref is nie, word slegs die persoonsaanduiders wat wel voorkom, gelys:

**1 ekv.:** Die persoonsaanduier in die G-stam is "a-", "am-qut" (praet.) (17.383<sup>\*</sup>:5); "al-ta-par" (perf.) (20.255A:7); "a-la-aq-qí-šu" (praes.) (17.238:8,17) (in hierdie geval sonder Bab. vokaalharmonisasie, vgl. AHW:544b asook Huehnergard, 1979:51), behalwe waar vokaalassimilasie plaasvind, byvoorbeeld "ub-ba-al" (praes.) (17.383<sup>\*</sup>:41). Die "i-" prefiks word, anders as by Amarna, nie aangetref nie (vgl. Böhl, 1909:54).

In die D-stam word hierdie vorm deur "u-" aangedui: "ú-bá-an-ni-šu" (praes.) (17.79+374:50'); "ú-ta-ar-šu" (praes.) (17.238:10,19).

By die Š-stam is die aanduier ook "u(š)-": "ul-te-bi-lak-ku-um-mi" (Št praet.) (17.383<sup>\*</sup>:12); "ul-te-še-eb-kà" (perf.) (17.338:3). In die laaste geval word die Ass. vorm aangetref (Bab. "uštabil", vgl. Ungnad, 1964:93,164).

**2 ml. ekv.:** Die prefiks by die G-stam is "ta-": "ta-pa-làh-šú-nu" (praes.) (17.132:5); "ta-ša-am-me" (praes.) (ibid.:16); "ta-aš-bá-tu" (praet.) (17.247:7). In gevalle waar Bab. vokaalharmonisasie plaasvind, is die prefiks "te-": "te-pu-uš" (praet.) (20.212:11) (vgl. Huehnergard, 1979:51).

By die D-stam is die prefiks "tu-": "tu-ma-al-la" (praes.) (17.383<sup>\*</sup>:27).

By die Š-stam is die prefiks ook "tu-": "tu-še-bi-la" (praet.) (17.383<sup>\*</sup>:22); "tu-še-ba-la" (praes.) (ibid.:24,25).

**3 ml. ekv.:** By die G-stam is die prefiks normaalweg "i-". Enkele voorbeelde word genoem: "ik-kim-šu-nu-ti" (praes.) (17.132:39); "ir-ti-iq" (perf.) (17.335+379+381+235:7); "ir-ku-us-šu-nu-ti" (praet.) (17.130:37). Die enigste uitsonderings is werkwoorde met 'n swak eerste konsonant wat, soos in Ass. (Huehnergard, 1979:52), met die prefiks "e-" geskryf word, byvoorbeeld: "e-ep-pa-āš" (praes.) (17.383<sup>\*</sup>:39), maar "ip-pu-uš" (praes.) (20.212:9') en "ir-ru-ub" (praes.) (17.238:7,16).

By die D-stam is die prefiks deurgaans "u-": "ú-dám-mi-qa-ak-ku" (praes.) (17.132:18); "ú-la-za-an-mi" (praes.) (17.383<sup>\*</sup>:16); "uz-za-ki-ka" (perf.) (20.212:5').

Soos die geval by die D-stam, is die prefiks by die Š-stam ook "u-": "u-še-za-ba-an-ni" (praes.) (17.422<sup>\*</sup>:42).

By die N-stam is die prefiks altyd "i-": "in-na-bi-it" (praet.) (17.79+374:16'); "in-na-ab-bi-it-ma" (praes.) (17.238:15).

**3 vr. ekv.:** Hierdie vorm kom nie baie voor in hierdie tekste nie en alle voorbeelde is uit een teks geneem. Soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:52) en Alalah (Giacumakis, 1970:56) is die vorme vir die 3 vr. ekv. dieselfde as vir die 3 ml. ekv. In hierdie opsig verskil die dialek van die dialekte van Amarna (Böhl, 1909:51) en Ugarit (Huehnergard, 1989:158). In laasgenoemde gevalle word die 3 vr. ekv. uitgedruk met die prefiks "t-". Die volgende voorbeelde word gelys: G-stam "i-ra-gu-um" (praes.) (17.159:47); D-stam "ub-ta-'i-i" (perf.) (17.159:7); Š-stam "ul-te-ri-bu" (perf.) (17.159:15).

**3 ml. mv.:** Dit is die enigste meervoudvorm wat in hierdie tekste aangetref word. In die G-stam is die prefiks "i-": "i-šap-pa-ar-ru-nin-ku" (praes.) (20.212:10'); "ir-ti-ḫu" (perf.) (17.159:49); "i-qi-iš-šu-nu-ti" (praet.) (17.340:21).

By die D-stam is die prefiks, soos by 3 ml. ekv., "u-": "un-da-aš-ši-ru" (perf.) (17.132:24); "ú-ma-šar-ru" (praes.) (ibid.:31).

Ook by die Š-stam is die prefiks "u-": "ú-še-šu-ni" (praes.) (17.130:15); "uš-ša-bu" (praes.) (ibid.:18).

Die prefiks by die N-stam is "i-": "is-sà-aḫ-ḫa-tù-[ma]" (praes.) (17.79+374:34').

**Prekatief:** In hierdie tekste is slegs prekatiewe in die derde persoon aangetref. Die verskillende vorme word hieronder gelys:

**3 ml. ekv.:** G-stam "li-il-lik-kà" (17.132:34); "li-dì-nam-ma" (17.422<sup>\*</sup>:35); "li-it-ma-a-mi" (17.133:17); "lil-lik" (17.159:39); "li-id-din" (17.79+374:36').

D-stam "li-ba-am-ma" (17.422<sup>\*</sup>:21); "li-ma-al-li-mi" (17.133:22).

Š-stam "li-še-zi-ba-an-ni" (17.422<sup>\*</sup>:43); "li-še-bi-la-an-ni" (17.225A:12').

**3 vr. ekv.:** Slegs voorbeelde van die G- en Gt-stamme kom voor: "lil-qì-ma" (17.159:16); "li-ta-lak" (ibid.:18). Die laasgenoemde geval is in die Gt-stam. Daar kan gesien word dat wat die 3 ekv. predikatiewe vorme betref, alle vorme ooreenstem met normale Bab. vorme (vgl. Von Soden, 1969:10<sup>\*</sup>, Huehnergard, 1979:54). Verder is daar geen verskil tussen vroulike en manlike vorme nie (Ungnad, 1964:63,69).

**3 ml. mv.:** In die G-stam word die volgende aangetref: "PAP-ru-ka" = "lišsurūka" (20.255A:3'); "li-it-mu-ú-ma" (17.159:20); "li-ip-ḥu-ru" (17.79+374:54'); "li-i-pu-šu" (17.130:13).

Wat die D-stam betref, die volgende voorbeelde: "li-te-er-ru-ni" (17.422<sup>\*</sup>:10, 17.383<sup>\*</sup>:9) (in beide gevalle word die werkwoord onbepaald gebruik); "li-ip-pu-šu-ni-iš-šu" (18.06+17.365:12'); "li-ḥal-li-qú-šu" (ibid.:13').

Geen prekatiewe vorme word in die ander stamformasies aangetref nie.

**Statief:** Huehnergard (1987:232) stel voor dat van hierdie vorme eerder gepraat moet word as pseudo-werkwoorde omdat hulle, anders as finitiewe werkwoorde, nie 'n proses uitdruk nie, maar 'n toestand. Die meeste voorbeelde is van die 3 ml. ekv. en mv. vorme. Enkele gevalle van die 2 ml. ekv. is aangetref en een van die 3 vr. ekv.

**3 ml. ekv.:** In die G-stam word die volgende aangetref: "ḥa-pí-mi" (17.133:9); "šak-nu" (ibid.:21); "ma-ru-uš" (17.159:7); "ša-lim" (17.227:6); "na-kir" (ibid.).

Wat die D-stam betref, die volgende: "šu<sub>14</sub>(?)-um-mu-uḥ" (17.340:28); "ra-'u-ub" (17.247:15). Laasgenoemde voorbeeld word deur AHw (1972:932b) onder die G-stam aangegee, maar dit blyk foutief te wees, indien die vorm vergelyk word met Von Soden (1969:35<sup>\*</sup>) se opsomming van die mediae infirmae- werkwoorde. Volgens laasgenoemde behoort die G statief "rīb" (Bab.) of "reb" (Ass.) te wees. Die vorm soos in genoemde teks aangetref, stem egter ooreen met die D statief volgens die Ass. dialek (Bab. = "rūb").

**3 vr. ekv.:** Die enigste voorbeeld word in die G-stam aangetref in 17.338:7' Vo.: "šaṭ-rat<sup>at</sup>". Hierdie vorm is normaal.

**2 ml. ekv.:** Alle voorbeelde word in dieselfde teks, maar in verskillende stamformasies aangetref: In die Gt-stam "pu-ut-qú-da-ta" (17.132:6) (vgl. AHW, 1972:826a) en in die G-stam "na-ak-ra-ta" (17.132:12) en "ša-al-ma-ta" (ibid.:13).

**3 ml. mv.:** In hierdie geval kom al die voorbeelde voor in die G-stam: "na-ak-ru-ma" (17.132:4); "še-lu" (17.422\*:39); "aš-bu-mi" (17.79+374:18'); "ka-ab-tù" (17.130:7).

#### 4.4.2 Die ventief

Die suffiks "-a(m)" is die aanduier van die ventief by werkwoorde in die enkelvoud en "-ni(m)" by werkwoorde in die meervoud, behalwe by 1 mv. waar die suffiks ook "-a(m)" is (Ungnad, 1964:68). Die mimasie het egter verdwyn, behalwe in gevalle waar die ventief nie aan die einde van die woord staan nie, maar gevolg word deur byvoorbeeld 'n persoonsuffiks. Enkele voorbeelde sluit in: "šup-ra-am-ma" (ekv. met mimasie) (17.132:34); "šu-bi-la" (ekv. sonder mimasie) (17.247:29); "li-te-er-ru-ni" (mv. sonder mimasie) (17.383\*:9); "i-qa-ru-bu-nim"<sup>13</sup> (mv. met mimasie) (17.130:34). Die laaste voorbeeld is die enigste uitsondering op die reël, want mimasie word behou ten spyte van die feit dat die ventief aan die einde van die woord staan, weliswaar voor 'n woord wat met 'n vokaal begin.

Dit is opvallend dat, soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:55), die gebruik van die ventief saamhang met die tekstipe waarin dit voorkom. Slegs 18 gevalle van die ventief word nie in die briewe (40 gevalle) aangetref nie. Die volgende indeling word gemaak om die bespreking van die ventief te vergemaklik, naamlik waar dit gebruik word as 1 ekv. datief, 2 ekv. datief en voor 1 ekv. akkusatief.

**1 ekv. dat.:** In hierdie geval druk die ventief beweging uit na die spreker of tot by 'n punt naby hom. Die ventief kom daarom altyd voor saam met die werkwoorde "šapāru" en "wabālu": "šup-ra-am-ma" (17.132:34) "stuur na my"; "tal-tap-pa-ra" (17.247:11) "jy stuur na my"; "tal-ta-nap-pa-ra" (17.383\*:11) "jy het geskryf"; "šu-bi-la" (17.247:20) "stuur!"; "ul-te-bi-la-am-mi" (17.383\*:18) "hy het vir my gestuur"; "tu-še-bi-la" (17.383\*:22) "u het gestuur"; "li-še-bi-la-an-ni" (20.255A:12) "stuur tog vir my".

<sup>13</sup> Nougayrol (1956:105) lees "ni7" (?).

In die briewe word die ventief ook saam met die volgende woorde gebruik (in al die gevalle is daar sprake van beweging):

"alāku": "li-il-lik-kà" (17.132:34) "hy kom inderdaad"; "tal-li-ka" (17.247:9) "jy het (nie) gekom"; "lil-li-ka" (17.422<sup>\*</sup>:37) "laat hy beslis kom".

"tāru": "li-te-er-ru-ni" (17.383<sup>\*</sup>:9; 17.422<sup>\*</sup>:10) "laat weet die dinge vir my".

By werkwoorde van gee, word die indirekte voorwerp ook soms deur die ventief uitgedruk: "li-dì-nam-ma" (17.422<sup>\*</sup>:35) "mag hy dit aan (hom) gee"; "li-id-dì-na" (ibid.:41) "mag hy dit aan my gee" (17.383<sup>\*</sup>:47) "hy gee vir my".

In een geval by die briewe is dit ietwat onduidelik waarom die ventief gebruik word: "li-ba-am-ma" (17.422<sup>\*</sup>:21) "mag hy dit soek". Izre'el (1984:85) toon in hierdie verband egter aan dat die "-a(m)" suffiks nie altyd hoef te dui op rigting na die spreker nie, maar ook gebruik kan word om rigting per se uit te druk. Hierdie voorstel sal die probleem met 17.422<sup>\*</sup>:21 oplos.

By die regsdinge word die ventief net in een teks aangetref en dan sonder enige ooglopende rede: "DINGER ša-mu-ú ù DINGER er-še-tu<sub>4</sub> lu-ú i-du-ú-ni" (18.06+17.365:6') "die hemel en die aarde sal dit weet"; "DINGER.MEŠ an-nu-tu<sub>4</sub> ni-ir-ta li-ip-pu-šu-ni-iš-šu" (ibid.:12') "hierdie gode sal hom skade aandoen". Izre'el (1984:86-87) wys egter daarop dat in latere tekste "-ni(m)" nie net rigting aandui nie, maar dat dit saam met die suffiks "-u" van die tweede en derde persoon mv. 'n nuwe meervoudsuffiks vorm. Voorts word aangedui dat prekatiewe of werkwoorde met die partikel "lū" dikwels die uitgang "-ūni(m)" het. Hierdie voorstel los die probleem met betrekking tot 18.06+17.365:6', 12' op.

Die ventief kom ook nie baie voor in die staatsverdrae nie. Die volgende gebruike sluit aan by die gebruike in die briewe: "ir-ru-ba" (17.79+374:35'); "il-la-a-ka" (ibid.:45') (beide werkwoorde druk beweging uit); "iṣ-ša-ab-tu<sub>4</sub>-ni-in<sub>4</sub>-ni" (17.237:9) "hulle gaan met my (in regspraak)"; "iṣ-pu-ra-ma" (17.340:10) "hy het gestuur"; "ik-šu-da" (ibid.:25) "dit het bereik"; "i-tu-ru-[ni]" (17.368:11' Vo.) "hulle keer (nie) terug"; "i-te-er-bu-ni" (17.369A:14') "hulle het ingekom"; "il-la-ku-ni" (17.382+380:54) "hulle sal kom". In al hierdie gevalle druk die werkwoord beweging uit en kan die ventief dus verwag word.

Daar is egter 'n hele paar gevalle waar die ventief skynbaar gebruik word sonder enige rede. Swaim (1962:35) het hierdie feit met betrekking tot teks 17.130

en sy duplikaat 18.03 goed aangetoon. In 17.130:15 en 18.03:18 word die ventief (tereg) as volg aangetref: "ú-še-šu-ni". In 17.130:19 word "i-ša-ba-tu" aangetref, terwyl dieselfde woord in 18.03:22 voorkom as "i-ša-ba-tu-ni". Vergelyk in hierdie verband ook "i-qar-ru-bu" (18.03:34) met "i-qa-ru-bu-nim" (17.130:34). Hierdie gegewens kan as getuienis dien om Huehnergard (1979:59) se poging om die aangeleentheid op te los, in verdere diskrediet te bring. Sy argument berus daarop dat die skrywers nie die funksie van die ventief verstaan het nie en dit geassosieer het met die wes-Semitiese meervoudmorfeem "-ūna". Daar word vervolgens een werkwoord aangehaal wat in die praes. altyd met die ventief geskryf word, maar nie in die praet. nie. Die variante in 17.130 en 18.03 met betrekking tot die praes. mv. wys egter daarop dat daar 'n ander oplossing gevind sal moet word vir die skynbaar willekeurige gebruik van die ventief deur die skrywers.

Moontlik lê die oplossing in Izre'el (1984:87) se aanduiding dat werkwoorde met die partikel "lū", asook prekatiewe vorme, dikwels die uitgang "-ūni" openbaar. Opvallend is dat die gevalle in 17.130 en 18.03 volg op die negatiewe partikel "lā". Moontlik hou hierdie sake met mekaar verband.

Indien die konsekwensies van Izre'el (ibid.) se argument (wat berus op die bestudering van die Akkadies van Amurru) ten volle deurgetrek word, naamlik dat daar 'n oorgang plaasgevind het van die meervouduitgang vanaf "-u" in die tweede en derde persoon na "-ūni", dan kan Huehnergard (1979:59) se argument aanvaar word as die laaste stadium van hierdie ontwikkeling. Daar word gemeen dat in hierdie tekste daar te make is met 'n tussenstadium.

In 17.340:8 word die ventief ook sonder rede gebruik: "iš-lu-lu-ni" "hulle het (sy tribuut) gevorder".

2 ekv. dat.: Huehnergard (1979:56) toon aan dat as gevolg van die feit dat die spreker homself plaas in die teenwoordigheid van die aangesprokene, beweging na die laasgenoemde ook uitgedruk word deur die ventief. Daarom word die ventief by Karkemis altyd gebruik saam met die tweede persoon datiefsuffiks. By Hatti is die volgende voorbeelde hiervan aangetref: "ú-dám-mi-qa-ak-ku" (17.132:18) "hy gee vir jou"; "i-na-an-di-na-ak-ku" (ibid.:52) "hy sal vir jou gee"; "ul-te-bi-lak-ku-um-mi" (17.383\*:20) "ek het aan jou gestuur"; "i-šap-pa-ar-ru-nin-ku" (20.212:10') "hulle het aan jou geskryf"; "i-šap-pa-rak-ku" (ibid.:14') "hy skryf aan jou". In hierdie gevalle kan die mimasie, wat behou word met gepaardgaande assimilasie duidelik

waargeneem word. In die laasgenoemde teks word die verskynsel aangetref dat die ventief ook gebruik word saam met die derde persoon datiefsuffiks "i-šap-pa-ru-ni-iš-šu" (ibid.:8) "hulle skryf aan hom". Hierdie verskynsel word nie by Karkemis aangetref nie (Huehnergard, 1979:56). Hierdie voorbeeld kom egter uit 'n betreklike bysin wat ingelui word deur "ša" en daarom sou die vorm ook verklaar kon word as G praes. 3 ml. mv. + subj. (die Ass. vorm van die subj. is soms "-ni") + suff. 3 ml.ekv. Die feit dat die werkwoord "šapāru" is en dus die ventief behoort te neem, sowel as die uitgebreide skryfvorm, dui eerder daarop dat hier sprake is van 'n ventief.

Die enigste voorbeeld van die ventief met die tweede persoon datiefsuffiks wat nie in die briewe voorkom nie, word in die staatsverdrag 17.79+374:27' aangetref: "a-qáb-bá-ak-ku" "ek beveel jou".

**Voor 1 ekv. akk.:** Huehnergard (1979:56) toon aan dat die ventief altyd die eerste persoon akkusatiefsuffiks voorafgaan. Die volgende voorbeelde hiervan is by Hatti aangetref: "ta-pa-an-na-a-an-ni-ma" (17.132:37) "jy spring my voor"; "e-er-ri-ša-an-ni" (17.383<sup>\*</sup>:37) "hy begeer my"; "ú-šē-za-ba-an-ni" (17.422<sup>\*</sup>:42) "hy red my (nie)". Teks 17.340 verskaf die enigste voorbeelde hiervan wat nie in die briewe voorkom nie: "lu-še-zi-ba-an-ni" (:11) "red my tog"; "ú(!)-sà-ah-ḫa-tu-ni-in4-ni" (:14) "hulle het my oorwin".

#### 4.4.3 Die subjunktief

Die subjunktief word in neweskikkende sinstukke (Duits - Nebensätze) in Akkadies aangetref en word aangedui deur die uitgang "-u" of "-ni" (Ass.). Alhoewel al die gevalle waar die Ass. vorm ("-ni") gebruik word, in die meervoud is, kan dieselfde aanname as Huehnergard (1979:60) nie gemaak word nie, naamlik dat hierdie vorme eerder sou dui op ventiefvorme. Sommige van hierdie vorme staan duidelik in betreklike bysinne (ingelui deur "ša"): "ša il-te-qu-ni" (17.340:20) "wat hulle geneem het". Die subjunktief word dus aangedui deur die uitgang "-u" of "-ni".

Soos wat die geval by Karkemis is (Huehnergard, ibid.), word die subjunktief nie altyd aangetref waar dit verwag word nie (vgl. Ungnad, 1964:129). Die volgende is voorbeelde hiervan: "e-nu-ma KUR nu-ḫaš ù KUR mu-gi-iš it-ti-ya na-ak-ru-ma". Huehnergard (1979:60) meen die rede waarom die subjunktief nie in hierdie geval

voorkom nie, is die feit dat "enūma" nie 'n voegwoord is nie. Die werkwoord word in hierdie geval as meervoudsvorm geneem. Anders as by Karkemis word "enūma" nie net in die briewe aangetref nie, maar ook in die staatsverdrag 17.227:3. In laasgenoemde geval is die werkwoord "na-ak-ru" en dit dui op die meervoudige onderwerp in die sin. In beide gevalle wat genoem is, kan egter geargumenteer word dat die skrywer nie nodig gehad het om nog 'n "-u" by te skryf nie (vgl. Ungnad, 1964:68), maar bogenoemde argument word begrond in Huehnergard (1979:140) se siening dat "enūma" nie as 'n voegwoord beskou behoort te word nie. Die vorme hierbo genoem, mag andersins gesien word as subjunktiewe.

In 17.422<sup>\*</sup>:33 word die subjunktief ver wag, omdat dit 'n betreklike bysin is, maar die subjunktief ontbreek: "ša EN-ya e-te-ri-iš" "wat my heer begeer". 'n Soortgelyke geval is: "[š]a i-ra-gu-um" (17.237:8' Vo.) "hy wat kla". Hierdie verskynsel is ook deur Aro (1954:364) by Alalah aangetref. Vervolgens word gelet op gevalle waar die subjunktief wel voorkom.

In 17.133:21 word die subjunktief in 'n betreklike bysin aangetref: "ša i-na ŠA GIŠ.MÁ-šu šak-nu" "wat in die vrag-ruim van sy skip lê". So ook "ša DUMU.mí ZAG.ŠEŠ ša i-na É a-miš-tam-ri ul-te-ri-bu" (17.159:15) "wat die dogter van Bentesina tot in die huis van Amištamru gebring het" en "ša a-miš-tam-ri i-na-ki-ru" (ibid.:19) "wat Amištamru homself toeëien". 'n Voorbeeld van die Ass. vorm is: "ERIN<sub>2</sub>.MEŠ ša il-la-ku-ni" (18.06+17.365:4') "die soldate wat gaan". Let op hoe die subjunktief in die laasgenoemde voorbeeld van die ventief onderskei word. Die subjunktief word nooit saam met die ventief gebruik nie: "ša i-šap-pa-rak-ku" (20.212:16') "wat hy aan jou skryf" (vgl. Marcus, 1978:43).

Ungnad (1964:109, 129) dui aan dat werkwoorde in temporele sinne ook in die subjunktief staan. 'n Voorbeeld van woorde waardeur hierdie temporele sinne ingelui word, is "ki". In die Hatti-tekste is dit opvallend dat die subjunktief dikwels volg op "ki", alhoewel die sin nie temporeel van aard is nie: "ù mu-ur-ši-li LUGAL.GAL di-na an-na-a ki-i iš-a-lu" (17.237:11) "en Muršil, die groot koning het hierdie regsak só nagevors"; maar "LUGAL.GAL di-na ša URU.DIDLI [an-nu-ti] ki i-[ša]-'a-a-lu" (17.335+379+381+235:12, vgl. 17.368:8') "die groot koning het die regsak van hierdie stede só nagevors" laat die gedagte ontstaan of die relatief in die eerste voorbeeld nie uitgeval het nie, eerder as dat die subjunktief sou volg op "ki" wat nie temporeel van aard is nie. In 17.247:7 word 'n voorbeeld aangetref van die

subjunktief in 'n temporele sin (vgl. Ungnad, *ibid.*): "ul-tu LUGAL-ut-ta ša KUR ú-ga-ri-it ta-aš-bá-tu " "vandat jy die koningskap van Ugarit oorgeneem het".

Die rede vir die gebruik van die subjunktief in 17.382+380:51 is nie duidelik nie.

#### 4.4.4 Afgeleide vervoegings

In hierdie tekste is nie veel problematiese vorme opgespoor nie. Die enkele "problematiese" vorme sluit in die gebruik van beide Ass. en Bab. vorme van die werkwoord. Hierdie saak sal egter verder hieronder bespreek word<sup>14</sup>. Alhoewel die swak werkwoorde ook nog in besonder aandag sal geniet, word hieronder enkele vorme van swak werkwoorde gegee ter wille van volledigheid. Elke stamformasie word vervolgens afsonderlik bespreek.

**G-Stam:** Enkele praes. vorme is: "i-šap-pa-ru-ni-iš-šu" (20.212:8) "hulle skryf aan hom"; "ip-pu-uš" (Bab.) (*ibid.*:9) "hy sal doen"; "e-pa-aš" (Ass.) (18.06+17.365:2) "hy sal doen".

Die praet. lyk as volg: "ir-ku-us-šu-nu" (17.130:10) "hy het hulle (met 'n verdrag) gebind"; "iṣ-bá-as-sú" (17.335+379+381+235:11) "hy het hom (in 'n regsak) gepak".

Voorbeelde van die perf. sluit in: "it-ta-ši-mi" (17.383<sup>\*</sup>:17) "hy het opgetel"; "im-ta-ra-aš" (17.422<sup>\*</sup>:17) "hy het kwaad geword".

**Gt-stam:** Die Gt-stam kan volgens Ungnad (1964:78) gebruik word om 'n refleksiewe gedagte aan te dui, om rigting (in 'n skeidende betekenis) aan te dui ("alāku" = gaan, "atluku" = daarvandaan gaan), en om voortdurende optrede aan te dui. Enkele voorbeelde uit die tekste is: "i-te-er-bu" (praes.) (17.132:42) "hulle kom (voortdurend) in (jou land in)"; "iṣ-ša-ab-ta-an-ni" (praet.) (17.383<sup>\*</sup>:14) "hy het hom vergryp"; "ir-te-eq" (praet.) (17.368:3) "hy het hom gedistansieer".

**Gtn-stam:** Slegs 'n voorbeeld in die praes. kom voor: "tal-ta-nap(!)-pa-ra" (17.383<sup>\*</sup>:11) "u skryf herhaaldelik". In hierdie geval sou die praet. of perf. eerder verwag word, omdat verwys word na 'n voltooide aangeleentheid. Tog kan die praes. wel in die vertaling weergegee word. Vir 'n volledige bespreking van die "tan"-stamme in Akkadies, word verwys na Von Gerd (1981:9-27).

---

<sup>14</sup> Sien 4.8 hieronder.

**D-stam:** Die volgende is voorbeelde van die praes.: "tu-ma-al-la" (17.383<sup>\*</sup>:27) "jy maak vol"; "ú-maš-šar-šú" (17.130:24) "hy stuur hom (nie) terug".

Enkele praet. vorme sluit in: "ú-qar-ri-ib-šu" (18.06+17.365:19') "hy het hom gebring"; "ú-sà-ah-hf-tu-ša" (17.340:6) "hulle het haar verdruk".

Die perf. word ook aangetref: "up-te-hf-ru" (17.340:5) "hulle het versamel"; "uz-za-ki-ka" (20.212:5') "hy het jou vrygestel".

Die **Dt-stam** druk die passief uit van die D-stam (Ungnad, 1964:78) en die Dt praet. stem vormlik ooreen met die **D perf.** Geen voorbeelde van hierdie stamformasies is in hierdie tekste aangetref nie. Die **Dtn-stam** word ook nie aangetref nie.

**Š-stam:** Hierdie stamformasie druk die kousatiewe vorm van 'n werkwoord uit. Voorbeelde in die praes. is: "ú-še-ba-la" (17.383<sup>\*</sup>:44) "hy stuur (nie)"; "ú-še-šu-ni" (17.130:15) "hulle laat hulle terugkeer".

'n Voorbeeld van die praet. is: "tu-še-bi-la" (17.383<sup>\*</sup>:22) "jy het gestuur".

Die perf. van "wabālu" in hierdie stamformasie is: "ul-te-bi-la-am-mi" (17.383<sup>\*</sup>:18) "hy het (dit) aan my gestuur".

Die **Št-stam** druk die passief van bogenoemde uit en stem in die praet. vormlik ooreen met die **Š perf.** Hierdie stamformasie mag ook dui op 'n refleksiewe handeling, maar geen van hierdie gebruike is in hierdie tekste aangetref nie. Alle gevalle waar werkwoorde dus lyk na 'n **Št** praet., is die betrokke werkwoorde verklaar as **Š perf.** AHw (1981:1453b) dui ook geen gevalle aan waar die **Št-stam** by Hatti voorkom nie. Geen voorbeeld van die **Štn-stam** is in die tekste aangetref nie.

**N-stam:** Hierdie stamformasie dra by oorganklike werkwoorde 'n passiewe betekenis. Verder kan die N-stam ook dui op 'n refleksiewe betekenis. Die werkwoord "nābutu" word net in hierdie stamformasie aangetref (Vgl. AHw, 1972:700b; Von Soden, 1969:128).

'n Voorbeeld van die praes. is: "is-sà-ah-ḥa-tù-[ma]" "hulle word (met oorlog) gedruk" (17.79+374:34').

Die praet. lyk soos volg: "in-na-bi-iṭ" "hy (kollektief) het gevlug" (17.79+374:16').

Die **Nt-** en **Ntn-stamme** kom nie in hierdie tekste voor nie. Die enigste werkwoord wat werklik problematies is, is "is-sí-iq-qá-an" (17.368:7 Vo.). Die hele

sin lui soos volg: "ZAG.MEŠ<sup>√</sup> i-na be-ri šār KUR.URU u-ga-ri-it ù i-na be-ri šār KUR.URU si-ya-an-ni is-sí-íq-qá-an". Soos die woord hier geskryf is, kan die stamkonsonante ook "zqn" wees. "zaqānu" se betekenis "om baard te dra" (AHw, 1981:1511b) pas glad nie in die konteks nie. Die sin moet as volg vertaal word: "hy het die grense tussen die koning van Ugarit en die koning van Siyannu 'saqānu'". Daar bestaan egter nie 'n woord "saqānu" in Akkadies nie.

Alhoewel die woord onder die N-stam bespreek word, sou die N praes. "issaqqan" gewees het, sou die woord wel bestaan het. Hierdie probleem kan moontlik op een van 3 maniere opgelos word:

Die eerste is dat die woord as twee woorde gelees word, naamlik "issiq qan" (CAD "B", 1965:248b). "issiq" kom van die stam "snq" ("kontroleer", AHw, 1972:1021a) met regressiewe assimilasie. "qan" word dan saam met die volgende sin gelees as verkorte vorm van "qannu" ("grens", AHw, 1972:897b). Die tweede sin is dan: "qá-an NA<sub>4</sub>.MEŠ<sup>√</sup> i-na ZAG.MEŠ<sup>√</sup> i-na be-ri-šū-nu il-ta-ka-an" "die grens van klippe (die klipgrens) van die grens tussen hulle het hy vasgestel". Die volle strekking van die gedeelte is dus dat 'n persoon die grens tussen Ugarit en Siyannu gekontroleer het en die gedeelte van die grens wat met klippe aangedui moes word in orde gebring het.

'n Tweede moontlikheid is dat "issaqqan" 'n skryffout is vir "issannaq"; dat dit met ander woorde die N (passief) is van "sanāqu". Die tweede sin begin dan met "NA<sub>4</sub>.MEŠ<sup>√</sup>...". Die probleem van die vokalisasie word egter nie deur hierdie voorstel opgelos nie. 'n Verdere probleem wat opduik is dat "issannaq" meervoud moes wees omdat die eerste sin begin met "ZAG.MEŠ<sup>√</sup>". Die vertaling sou dus so daar uitsien: "die grense tussen die koning van Ugarit en die koning van Siyannu is gekontroleer. Hy het die klippe van die grense tussen hulle vasgestel".

Die derde moontlikheid is dat "issaqqan" 'n skryffout is vir "issakan" as G perf. van "šakānu". Die vorm wat egter verwag sou word in hierdie geval is eerder "iltakan", soos wat dit inderdaad in die volgende sin voorkom. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die skrywer in een sin 'n (verkeerde) vorm van die G perf. gebruik en in die volgende sin 'n ander (korrekte) vorm.

Dit wil voorkom asof die eerste moontlike oplossing hierbo genoem die naaste is aan die korrekte.

#### 4.4.5 Swak werkwoorde

In hierdie afdeling word kortliks gelet op die verskillende tipes swak werkwoorde soos dit by Hatti voorkom. Die tipe word telkens eers aangedui, waarop 'n bespreking daarvan volg.

**Werkwoorde I':** Von Soden (1969:24) gee 'n nadere indeling (I'<sub>1-7</sub>) van hierdie klas. In die G-stam kom die volgende voorbeelde voor: "ir-ru-ba" (praes. van "erēbu" - klas I'<sub>4</sub>) (17.79+374:35'); "e-te-er-šu" (perf. van "erēšu") (20.212:19').

Die Gt-stam lewer die volgende voorbeeld op: "i-te-er-bu" (praet. van "erēbu").

In die Š-stam word die volgende praes. vorm van "erēbu" aangetref: "ú-še-ri-ib" (17.227:40).

Die vorme van die onreëlmatige werkwoord "alāku" (klas I'<sub>2</sub>) in die G-stam sien as volg daar uit: "il-la[k-ma]" (praes.) (17.159:33); "tal-li-ka" (praet.) (17.247:29).

By die werkwoord "epēšu" (klas I'<sub>3</sub>) kan duidelik onderskei word tussen Bab. en Ass. vorme. Die Bab. vorme sluit in: "ip-pu-uš" (G praes.) (20.212:9'); "e-te-púš-ka" (G perf.) (17.422\*:27). Die Ass. G praes. vorm word onder andere in 17.383\*:39 aangetref: "e-ep-pa-aš".

Van klas I'<sub>6</sub>, byvoorbeeld "wašābu", word in die G-stam die volgende aangetref: "aš-bu-mi" (statief van "wašābu") (17.79+374:18'); "a-ša-bi" (inf. van "wašābu") (17.130:23); "ub-bal" (praes. van "wabālu") (17.383\*:40).

In die D-stam word die volgende aangetref: "ú-maš-šar-šu" (praes. van "wašāru") (17.130:24). In hierdie geval het die "w" soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:70) en Ugarit (Huehnergard, 1989:179) verander na "m".

Hierdie tipe swak werkwoord word heel dikwels in die Š-stam aangetref: "ul-te-še-eb-kà" (perf. van "wašābu") (17.338:3); "tu-še-ba-la" (praes. van "wabālu") (17.383\*:25); "tu-še-bi-la" (praet. van "wabālu") (ibid.:22).

Klas I'<sub>7</sub> word in hierdie tekste verteenwoordig deur die werkwoord "edû", wat slegs in die G praet. voorkom: "i-du-ú-ni" (18.06+17.365:6'); "i-du-u-ú" (ibid.:10').

**Werkwoorde II':** In die G-stam word die volgende aangetref: "i-la-'e-e-ma" (praes. - Ass. vorm van "le'û") (17.132:50); "i-le-ú" (praes. - Bab. vorm van "le'û") (17.130:27). Wat die "" skryfwyse betref, meen Huehnergard (1979:69) dat die

moontlikheid groot is dat dit in laasgenoemde geval heeltemal ontbreek. Die praet. van hierdie tipe word weergegee deur: "iš-a-lu" (van "šālu") (17.237:11).

**Werkwoorde II-w:** In die G-stam kom hierdie tipe baie selde voor. In 17.368:11' Vo. word 'n praes. aangetref: "i-tu-ru-[ni]" (van "tāru").

In die D-stam kom hierdie tipe meer voor: "ú-ta-ar-šu" (praes. van "tāru") (17.238:10); "li-te-er-ru-ni" (prek. van "tāru") (17.383<sup>\*</sup>:9).

**Werkwoorde II-y:** Die enigste voorbeelde kom in die G-stam voor: "ir-ti-ḫu" (perf. van "riāḫu") (17.159:49) en "i-qi-iš-šu-nu-ti" (praet. van "qiāšū") (17.340:21).

**Werkwoorde III-swak:** Enkele voorbeelde van die groot aantal werkwoorde van hierdie tipe sluit in: "a-qa-bi" (G praet. van "qabû") (17.422<sup>\*</sup>:28); "i-ma-al-li" (G praes. van "malû") (17.383<sup>\*</sup>:31); "it-ta-ši-mi" (G perf. van "našû") (ibid.:17); "tu-ma-al-la" (D praes. van "malû") (ibid.:27).

## 4.5 VOORSETSELS

### 4.5.1 Enkelvoorsetsets

**adi:** Die voorsetsel "a-di (A.RÁ)" kom, soos by Ugarit (Huehnergard, 1989:183), voor in die uitdrukking "adi dariti" wat hieronder bespreek sal word. Die voorsetsel word egter ook gebruik in die sin van "insluitend" (vgl. AHw, 1985:12b). Twee gevalle van hierdie gebruik kom in die korpus voor: "iš-pu-ur-ma šu-up-pí-lu-li-ma ... ù NAMEŠ GAL-ti A.RÁ ERIN.MEŠ GIŠ.GIGIR.MEŠ ..." (17.340:16-18) "Šuppilulima het gestuur ... en die vername manne insluitend soldate en strydwaens...". Die ander geval word aangetref in 17.369A:22': "ap-pu-na-ma KUR.URU ù-ga-ri-it gab-bu A.RÁ ZA-šu A.RÁ HUR.ZAG-šu..." "wat meer is, die hele stadstaat Ugarit, insluitend sy grense, insluitend sy berge...". Swaim (1962:43) wil op voetspoor van Nougayrol (1956:52) die tekens vir A.RÁ eerder lees as "a-du", met die betekenis van "saam met". Dit is te betwyfel of dit die skrywer se bedoeling sou wees, gesien in die lig daarvan dat die voorsetsel "qadu" (saam met) op verskeie plekke in hierdie tekste aangetref word. In die lig hiervan word voorgestel dat die betrokke tekens eerder gelees word as A.RÁ, die logogram vir "adi" (vgl. Labat, 1988:237<sup>2</sup>).

**ana:** Hierdie voorsetsel word die meeste in die Hatti-tekste aangetref en kom op een na in al die tekste voor. Voorbeelde van die variante betekenis van die voorsetsel word derhalwe tot die minimum beperk. Die skryfwyse "a-na" kom soos by Ugarit (Huehnergard, 1978:183) deurgaans voor, behalwe by saamgetrokke vorme.

In die eerste plek word "ana" gebruik vir die uitdrukking van die datief van bevoordeelde of benadeelde, byvoorbeeld: "1 me-at SÍG.ZA.KIN ḥaš-ma-ni a-na LÚ.ḥu-bur-ta-nu-ri" (17.227:32) "100 (stukke) helder blou wolmateriaal vir die hoofperderuiter"; "ù e-pa-aš [ni]-ir-ta a-na ERIN<sub>2</sub>.MEŠ..." (18.06 + 17.365:4') "of hy doen skade aan die skepe...".

Verder word die voorsetsel enkele male gebruik vir aanduiding van beweging: "a-na LUGAL.GAL ki-i im-ta-ḥar" (17.237:7) "na die groot koning het hy hom so gewend"; "ù a-na šàr šu-bi-la" (17.422<sup>\*</sup>:22) "en aan die koning stuur".

Die voorsetsel word ook saam met infinitiewe gebruik: "a-na a-ba-ši i-na ŠÀ-bi KUR-šu la-a ú-maš-šar-šú" (17.130:23) "tot woning (verblyf) in sy land mag hy hom nie terugstuur nie"; "...ša il-la-ku-ni a-na ḥu-ul-lu-qí DUMU.MÍ MÍ ra-bi-ti" (18.06 + 17.365:5') "hulle wat gaan tot diefstal van die dogter van die vorstin".

'n Volgende betekenismoontlikheid is "met betrekking tot": "a-na a-ma-ti ša-a-ši DINGER.UTU-ši ra-'u-ub dan-niš" (17.247:13-15) "met betrekking tot hierdie saak is die son baie kwaad". Die betekenis wat Swaim (1962:44) aan hierdie voorbeeld heg, naamlik "op grond van" is effens geforseerd en sluit so nou aan by die voorgestelde betekenis, dat laasgenoemde gehandhaaf word (vgl. AHW, 1985:48a). In 17.130:23 kan "ana" ook vertaal word as "met betrekking tot".

**arki (EGIR):** Hierdie voorsetsel kom meermale voor: "ù EGIR-ku-nu ta-mar..." (17.132:21) "en later sal jy sien..."; "[ar]-kí-ta" (17.422<sup>\*</sup>:36) "daarna"; "EGIR AMA-ya a-lak-mi" (17.159:25) "agter my ma wil ek aangaan". Soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:74) word die voorsetsel dikwels gebruik in die uitdrukking "ina arki ūmi" (17.132:28; 17.369A:7') "in die toekoms" oftewel "na die dae". Hierdie uitdrukking kom op een plek voor sonder "ina": "EGIR-ki u<sub>4</sub>-me" (17.132:47).

**aššum:** Die voorsetsel word deurgaans geskryf "aš-šum" en het die betekenis van "met betrekking tot" of "betreffende". "aš-šum NA<sub>4</sub>.ZA.KUR" (17.422<sup>\*</sup>:11) "betreffende die lapis lazuli"; "aš-šum a-ma-te<sup>MEŠ</sup>" (17.227:48) "betreffende die woorde".

**ellānu:** "daarvandaan weg" (vgl. AHW, 1985:203b). Die woord kom een keer in die tekste voor: "PN<sub>1</sub> el-la-nu PN<sub>2</sub> ir-te-eq" (17.382+380:7) "PN<sub>1</sub> het vanaf PN<sub>2</sub> hom (weg)gedraai".

**eli (UGU):** Die voorsetsel kom slegs twee keer in die tekste voor, beide kere geskryf "UGU". In 20.255A:14' "GIŠ.MÁ.MEŠ-ka ù at-ta UGU-šu-nu al-ka a-na muḥ-ḫi DINGER.UTU-ši..." "jou skepe en jy daarby (lett. op hulle) kom na die son...". "DUMU.MEŠ URU ú-ra...UGU KUR...ka-ab-tù dan-níš" (17.130:7) "Die seuns van Ura...op die land...is (hulle) baie swaar". Opvallend is dat "ina" nie hier gebruik word nie, maar 'n moontlike verklaring daarvoor is dat die skrywer met hierdie uitdrukking juis klem wil lê op die las wat die vreemde handelaars op die land lê.

**ina:** Die voorsetsel het soos by Karkemis (Huehnergard, 1979:75) en Ugarit (ibid., 1989:186) 'n wye betekenisveld. In die meeste gevalle is die skryfwyse "i-na". Die eerste betekenismoontlikheid is lokatief: "i-na KUR ḫat-ti" (17.422\*:38) "in die land Ḫatti"; "i-na KUR mu-kiš lu AŠ (ina) KUR ša-nim-ma" (20.212:31',32') "in die land Mukiš of in 'n ander land"; "i-na GIŠ.SÚ.A" (17.159:26) "op die voetbank".

Tweedens word "ina" ook in temporele sin gebruik: "i-na u<sub>4</sub>-me-ti ku-uš-ši" (17.130:13) "in die winter"; "i-na e-bu-ri" (ibid.:11) "in die somer"; "i-na ITU ÁŠ.A" (17.335+379+381+235:55) "in die maand Sabati"; "i-na u<sub>4</sub>-me-šu" (17.382+380:21) "in sy dae".

Anders as by Karkemis en Ugarit, word "ina" in hierdie korpus nie gebruik om instrument uit te druk nie. Vir hierdie doel word "ištu" (hieronder) meermale gebruik.

"ina" word voorts gebruik om beweging-na uit te druk: "ša DUMU.MÍ ZAG.ŠEŠ ša i-na É a-miš-tam-ri ul-te-ri-bu" (17.159:14) "wat die dogter van Bente-sina tot in die huis van Amistamru gebring het". In 17.369A:13' word "ina" weer saam met "erēbu" gebruik. Volgens AHW (1985:234b) sou eerder verwag word dat "ana" saam met "erēbu" gebruik sou word.

Soos by Ugarit (Huehnergard, 1989:186) kan "ina" ook gebruik word om ruiling of prys uit te druk: "ša KUR-ti ša-ni-ti i-na Kù.BABBAR-šu-nu" (17.238:13) "iemand van 'n ander land, vir geld lewer hulle (hom) uit".

Huehnergard (ibid.) toon aan dat "ina" ook vir die ablatief gebruik kan word: "šār i-na il-ki uz-za-ki-ka" (20.212:5') "die koning het jou van diensplig vrygestel". In dieselfde teks (:27) word "ina" gebruik waar "aššum" of "ana" eerder verwag sou

word. In 18.06+17.365:18' word "ina" in die plek van "ana" gebruik in die uitdrukking "ina dinūti".

**ištu:** In die jongere Babiloniese dialek word hierdie voorsetsel as "ultu" weergegee (Ungnad, 1964:105). Beide vorme word in hierdie tekste aangetref; soms in dieselfde teks (vgl. 17.335+379+381+235:8,53). "ištu" word gebruik om beweging weg van of uit aan te dui: "iš-tu qa-qa-ri" (17.383<sup>\*</sup>:17) "van die grond af"; "iš-tu li-it ma-am-ma" (17.422<sup>\*</sup>:19) "vanaf alle kante"; "iš-tu ŠĀ-bi KUR a-bi-šu" (18.06+17.365:14') "vanuit die midde van die land van sy vader".

Die woord kan ook in 'n temporele sin gebruik word (altyd in die vorm "ultu"): "ul-tu LUGAL-ut-ta ša KUR ú-ga-ri-it ta-aš-bá-tu" (17.247:6) "vandat jy die koningskap van Ugarit oorgeneem het"; "ul-tu la-be-er-ti" (17.382+380:3) "sedert die vroegste tye" (vry vertaal).

Verder word "ištu" gebruik om instrument aan te dui: "iš-tu ta-ḫa-az-zi" (17.79+374:34') "met oorlog"; "iš-tu GIŠ.TUKUL-ka" (17.132:35) "met jou wapens". (vgl. Ahl, 1973:239 vir vertaling) (hier sou "ina" verwag word). Die voorsetsel word ook gebruik in die plek van "itti": "ul-tu li-it DINGER.UTU-ši" (17.340:4) "teen die regering van die Son". Laastens kan "ištu" ook gebruik word om verandering van toestand uit te druk: "iš-tu GIG-ya ab-ta-lu-ut" (17.383<sup>\*</sup>:34) "ek het van my siekte herstel".

**itti:** Hierdie voorsetsel kan vertaal word met "met" of "teen". Die eerste vertaalmoontlikheid kan gebruik word waar daar sprake is van 'n sekere bondgenootskap: "ab-ba-MEŠ-ka it-ti KUR ḫa-at-ti ša-al-mu" (17.132:8) "jou vaders was met Ḫatti in vrede"; "it-ti šār ù it-ti-ya gāb-bá šul-mu" (17.383<sup>\*</sup>:6) "met die koning en met my gaan alles goed"; "ù šum-ma Kù.BABBAR.MEŠ ša PN<sub>1</sub> itti PN<sub>2</sub>" (17.130:26) "gestel die geld van PN<sub>1</sub> is by PN<sub>2</sub>".

Tweedens kan "itti" met "teen" vertaal word waar die woord verbind is met woorde van stryd (nakāru, maḫāšu, šālu): "KUR mu-gi-iš it-ti-ya na-ak-ru-ma" (17.132:4) "die land Mukiš is vyandig teen my"; "ù at-ta it-ti-šu-nu lu-ú mi-it-ḫu-ša-ta..." (ibid.:45) "en jy bevind jou in 'n geveg teen hulle..."; "a-di-ni i-na KUR ḫat-ti la-a še-lu KI-ya (ittiya)" (17.422<sup>\*</sup>:39) "tot nou in die land Ḫatti was daar nog nie stryd teen my nie".

In 17.132:4 word "itti" gebruik in die uitdrukking "itti ramānu" "op eie koste/risiko" (vgl. AHW, 1972:950a). Huehnergard (1979:78) toon aan dat "itti" ook die koppelwoord "u" kan vervang. In 17.130:9 word hierdie moontlikheid ook

aangetref: "PN<sub>1</sub> LUGAL.GAL ri-ki<sub>1</sub>-ta ana PN<sub>2</sub> itti PN<sub>3</sub> a-kán-na ir-ku-us-š<sub>u</sub>-nu"  
 "PN<sub>1</sub>, die groot koning, het die verdrag van PN<sub>2</sub> en PN<sub>3</sub> soos volg gebind  
 (bekragtig)".

**ki:** Soos die geval by Karkemis (Huehnergard, 1979:78) en Ugarit (ibid., 1989:188) word "ki" ook in hierdie tekste in verbinding met "ša" aangetref met die betekenis "soos wat" (Eng. "according to"): "ki-i ša ul-tu ma-ḫi-ri-i" (17.132:7) "soos wat vroeër reeds". Die voorsetsel word ook aangetref in verbinding met "kîmê": "ki-i ki-i-me-e LUGAL.GAL ip-pu-uš-š<sub>u</sub>-nu-ti" (ibid.:26) "hoe dat die groot koning met hulle sal maak".

Verder word "ki" gebruik waar vergelykings getref word: "DUMU.MEŠ<sup>✓</sup> šip-ri-ka muḫ-ḫi DINGER.UTU-ši ki du-luḫ-ti-iš šu-up-ra" (17.247:17) "stuur jou boodskappers soos donderweer na die Son!"; "am-mi-ni la te-pu-uš ki-i ša-a šar EN-ka ú-[da-bi-bu]" (20.212:12') "waarom doen jy nie soos die koning, jou heer, [herhaaldelik beveel het] nie".

Verder kan die voorsetsel ook wyse uitdruk: "ki ik-nu-ku" (20.212:6') "hulle het (die tablette) so verseël"; "a-na LUGAL.GAL ki-i im-ta-ḫar" (17.237:7) "tot die groot koning het hy hom so gewend" (hier sou "akanna" eerder verwag word); "LUGAL.GAL di-na...ki i-[ša]-'a-a-lu" (17.335+379+381+235:12) "die groot koning het die regspraak...so n[ag]evors".

In een geval word "ki" in 'n temporele konstruksie gebruik: "i-na u<sub>4</sub>-mi ki-i u-še-ri-ib" (17.227:40) "op die dag waarop hy sal bring".

**kîmê:** Die variante vorm "kîma" word nie in hierdie tekste aangetref nie. Die gebruik saam met "ki" (17.132:26) is reeds genoem. Die skryfwyse is deurgaans "ki-i-me-e". In 17.79+374:49' word die woord in 'n gebroke konteks aangetref, heel moontlik met 'n temporele strekking. In die ander drie gevalle waar die woord voorkom, is dit telkens in die uitdrukking "ki-i-me-e MU.KAM.ḪÁ i-te-et-qú" (17.335+379+381+235:5, 17.368:1' - gebroke, 17.382+380:5) "soos die jare verbygegaan het".

**qadu:** Hierdie voorsetsel word nêrens in die tekste in verband woord "tamû" "om te sweer" gebruik nie (vgl. Huehnergard, 1979:79). Dit word egter wel gebruik in verband met mense: "qa-du ERIN<sub>2</sub>.MEŠ<sup>✓</sup>" (17.79+374:8') "saam met soldate"; "qa-du DAM-šu qa-du DUMU.MEŠ-šu" (17.130:29) "saam met sy vrou (en) saam met sy seuns".

'n Verdere gebruik hou verband met lewelose dinge: "šul-ma-na-ti LUGAL qa-du šul-ma-na-ti-ya šu-bi-la" (17.247:19) "stuur die tribuut van die koning tesame met my geskenk!"; "URU uš-na-ti qa-du URU.DIDL.HÁ ša li-me-ti-ša qa-du ZAG.MEŠ-šu-nu qa-du HUR.SAG.MEŠ-šu-nu" (17.382+380:16-18) "die stad Ušnati met sy omliggende stede met hulle grense (en) met hulle berge".

#### 4.5.2 Saamgestelde voorsetsels

Hieronder word verstaan voorsetsels wat voor selfstandige naamwoorde staan om sodoende 'n vaste uitdrukking te vorm. Die naamwoorde word alfabeties gelys gevolg deur 'n bespreking van die verskillende voorsetsels in dieselfde volgorde.

**biri:** na "ina": In hierdie tekste word "biri" slegs na die voorsetsel "ina" aangetref: "ZAG.MEŠ i-na bí-ri šar KUR.URU ú-ga-ri-it ù i-na bí-ri šar KUR.URU si-ya-an-ni is-si-iq-qá-an NA<sub>4</sub>.MEŠ i-na ZAG.MEŠ i-na bí-ri-šu-nu il-ta-ka-an" (17.368:5'-7Vo), "die grense tussen die koning van Ugarit en tussen die koning van Siyannu (het hy in orde gebring??), dit wil sê die klippe van die grense tussen hulle het hy vasgestel". Sien 4.4.4 hierbo vir 'n verklaring van die werkwoord (?) "issiqqan". Die enigste geval waar "biri" by Karkemis in 'n sin herhaal word (Huehnergard, 1979:79), word "ina" by die tweede "biri" weggelaat. Dit gebeur egter nie in hierdie teks nie en ook nie in die ander teks waar "biri" voorkom nie: "u<sub>4</sub>-ma DINGER.UTU-ši LUGAL.GAL ri-kál-ta i-na bí-ri DUMU.MEŠ URU u-ra LU.MEŠ TAM.GAR ù i-na bí-ri DUMU.MEŠ KUR ú-ga-ri-it a-kán-na ir-ku-us-šu-nu-ti" (17.130:34-37) "So het die Son, die groot koning, die verdrag tussen die mense van die stad Ura, die handelaars, en tussen die mense van die land Ugarit bepaal".

**libbu:** "libbu" word een keer aangetref sonder 'n voorafgaande voorsetsel: "aš-šum a-ma-te<sup>MEŠ</sup> ša ŠÀ-bi (libbi) tup-pí an-ni-ti šat-ru" (17.227:48) "aangaande die woorde wat in die binnekant van hierdie tablet geskrywe is". Die voorsetsel wat hier verwag word, is "ina".

na "ana": Hierdie gebruik kom twee kere in dieselfde teks voor: "a-na ŠÀ-bi A.ŠÀ LÚ.ŠA.GAZ DINGER.UTU-ši ir-ru-ub" (17.238:7,16) "tot die midde van die velde van die Hapiru van die koning dring hy in". Dit lyk asof hier sprake van beweging na kan wees (met "erēbu").

na "ina": "i-na ŠÀ KUR-ka i-te-er-bu" (17.132:42) "hulle kom in die midde van jou land in"; "i-na ŠÀ-bi KUR ú-ga-ri-it la-a uš-ša-bu" (17.130:18) "in die midde van Ugarit mag hulle nie bly nie"; "i-na ŠÀ-bi KUR ú-ga-ri-it ú-hal-liq" (ibid.:22) "in die midde van Ugarit verkwis hy (dit)". In hierdie gevalle word die uitdrukking lokatief gebruik.

na "ištu": "li-hal-li-qú-su iš-[tu ŠÀ]-bi É a-bi-šu ù iš-tu ŠÀ-bi KUR a-bi-šu" (18.06 + 17.365:14') "hulle sal hom verdryf van[uit die mid]de van die huis van sy vader en vanuit die land van sy vader"; "iš-tu ŠÀ-bi KUR ú-ga-ri-it in-na-ab-bi-iṭ-ma" (17.238:15) "vanuit die midde van die land Ugarit vlug hy". Hierdie uitdrukking word gebruik om beweging-weg-van uit te druk.

**muhhu:** Dit is opvallend dat hierdie woord op twee plekke aangetref word, sonder die meegaande voorsetsel: "muḥ-ḥi DINGER.UTU-ši am-mi-nu la-a tal-li-ka" (17.247:8) "waarom het jy nie tot die Son gekom nie?" en in dieselfde teks "muḥ-ḥi DINGER.UTU-ši ki du-luḥ-ti-iš su-up-ra" (ibid.:17) "stuur hulle soos donderweer na die Son". In beide gevalle sou die voorsetsel "ana" gebruik kon word.

na "ana": In die meeste gevalle word die verbinding "ana muḥ-ḥi" aangetref en wel met nuanses in betekenis. In 17.132:33 (en ander plekke saam met werkwoorde van beweging) in die betekenis "na/tot": "DUMU.KIN-ra-ka a-na muḥ-ḥi-ya šup-ra-am-ma", "stuur jou boodskapper na my!". "ana muḥ-ḥi" kan ook "met betrekking tot" uitdruk: "ù ŠÀ-šu ša šār a-na muḥ-ḥi-ka lu-ú la-a tu-ma-al-la" (17.383<sup>\*</sup>:26) "dan sal jy nie die hart van die koning met betrekking tot jou vol (woede) maak nie". Die uitdrukking kan ook gebruik word om lokaliteit in die sin van "by 'n plek of persoon" uit te druk: "DUMU.MÍ ZAG.ŠEŠ a-na muḥ-ḥi DUMU.MEŠ-ši DUMU.MI.MEŠ-ši ù a-na muḥ-ḥi LÚ.MEŠ ḥa-at-ni-ši la-a i-ra-gu-um" (17.159:44-47) "die dogter van Bente-sina mag nie by haar seuns en dogters en by haar skoonfamilie kla nie".

na "ištu/ultu": In twee betreklike vroeë tekste word hierdie vorme aangetref. In 17.227:10 word dit gebruik om vyandigheid (met nakāru) uit te druk na "itti" (wat hier gebruik is om bondgenootskap uit te druk): "am-mi-ni it-ti-ni ul-tu muḫ-ḫi DINGER.UTU-ši la-a na-ak-ra-ta-mi" "waarom is jy nie met ons teen die Son vyandig nie?". Die skrywer gee dit moontlik op hierdie wyse weer om verwarring te verhoed. In 17.382+380:11 word die uitdrukking "ištu muḫḫi" gebruik om verwydering uit te druk: "iš-tu UGU (muḫḫi) šār KUR u-ga-ri-it ut-te-ki-ir-šu-nu-ti" "vanaf die koning van Ugarit het hy hulle vervreem".

**pānu:** na "ana": Hierdie uitdrukkingswyse is al wat in die tekste aangetref word. Die betekenis kan in alle gevalle weergegee word as "in die teenwoordigheid van" of "voor". 'n Voorbeeld uit elke literatuurtipe word vervolgens gegee: "DINGER.UTU-ši a-na pa-ni-ya iq-ta-bi..." (20.255A:17) "die Son het in my teenwoordigheid gesê..."; "e-nu-ma PN<sub>1</sub> ù PN<sub>2</sub> a-na pa-ni DINGER.UTU-ši a-na di-ni iš-ni-qu" (17.133:5) "toe PN<sub>1</sub> en PN<sub>2</sub> voor die die Son vir regspraak opgedaag het"; "a-kán-na táq-te-bi a-na pa-ni-ya" (17.130:5) "só het jy voor my gesê".

**qātu:** na "ana": Uit die konteks waarin hierdie uitdrukking een keer voorkom, lyk dit asof "ana" in die plek van "ina" gebruik word: "EN-ya a-na ŠU (qāti) LÚ-lim an-ni-i li-dì-nam-ma" (17.422\*:34) "mag my heer (dit) in (letterlik "tot") die hand van hierdie man gee".

na "ina": Hierdie uitdrukking kom een keer voor: "i-na ŠU-ti DUMU.MEŠ URU ú-ra...i-na-an-di-nu-šu-nu-ti" (17.130:30) "in die hand van die mense van Ura...sal hy hulle gee". Beide uitdrukkings (met "ana" sowel as "ina") dui daarop dat iets of iemand onder iemand (anders) se beheer geplaas word.

na "ištu": Hierdie uitdrukking kom meermale voor: "ma-am-ma iš-tu ŠU-ka lu-ú la-a ik-kim-šu-nu-ti" (17.132:38) "iemand mag hulle inderdaad nie uit jou hand neem nie"; "iš-tu qa-ti LÚ.KUR lu-še-zi-ba-an-ni" (17.340:11) "red my uit die mag van die vyand"; "ma-am-ma-am-an la-a i-la-qì-šu-ma iš-tu ŠU-ti ni-iq-ma-an-da" (17.369A:17) "iemand mag hom nie vat uit die hand van Niqmadu nie". Uit hierdie

voorbeelde word duidelik gesien dat die uitdrukking nie net letterlik "hand" beteken nie, maar ook kan dui op "mag".

## 4.6 BYWOORDE

### 4.6.1 Eenvoudige bywoorde

**adīni:** "tot nou". Die woord word een maal gebruik: "a-di-ni i-na KUR ḥat-ti..." (17.422<sup>\*</sup>:38) "tot nou in die land Ḥatti...".

**akanna:** "aldus/soos volg". Hierdie woord kom heel dikwels voor saam met werkwoorde van spraak: "šū-uk-ku a-kán-na iq-bi" (17.133:7) "Šukku sê soos volg"; "ša a-kán-na taq-te-bi a-na pa-ni-ya" (17.130:5) "So het jy voor my gesê"; "ù šār KUR.URU si-ya-[an-ni] a-kán-na iq-ta-bi" (17.335+379+381+235:58) "en die koning van Siyannu het soos volg gesê".

"akanna" kan ook gebruik word saam met "parāsu" (sny) soos in 17.133:13. In 17.130:10, 37 en 17.227:19 word die woord saam met "rakāsu" (bind/sluit) gebruik. Saam met "nadānu" (gee) kom "akanna" in 17.227:47 en 17.237:16, 3' Vo. voor. In 17.227:33 beteken "akanna" "aldus", in die sin van "dieselfde" (vgl. Huehnergard, 1979:83).

**ammini:** "waarom" (van "ana mini"). Hierdie woord is hierbo (4.2.3) bespreek.

**anumma/ê:** "nou". Hierdie woord word dikwels in die briewe, maar ook in ander tekste, gebruik. Dit word dikwels gevolg deur die statief: "UD-ma (anumma) at-ta nīq<sup>i</sup>-ma-an-du...it-ti LÚ.KUR-ya lu-ú na-ak-ra-ta" (17.132:10) "nou moet jy, Niqmadu,...teen my vyande sekerlik vyandig wees" (vgl. ook 17.132:19 en 17.340:11' Vo.). "anumma" kan ook gevolg word deur die praeteritum soos in 17.130:34. Verder word "anumma" gevolg deur die perfektum in 17.383<sup>\*</sup>:12, 20.255A:16' en 17.340:15.

Die begin van briewe, na die aanvangsformule, word ook deur "anumma" ingelui, byvoorbeeld 17.247:4. Soos by Ugarit (Huehnergard, 1989:195) kom "anumma", waar gebruik saam met "inanna", altyd tweede voor.

**appūna:** "wat meer is". Hierdie bywoord word net in 17.369A:21' aangetref: "ap-pu-na-ma KUR.URU ù-ga-ri-it gab-bu..." "wat meer is, die hele stadstaat Ugarit...".

**arkānu:** "daarna". Sien onder 4.5.1.

**ašrānu:** "daar". Die woord kom net op een plek voor: "aš-ra-nu it-ti šār EN-ya mi-nu-me-e šul-ma-nu" (17.383<sup>\*</sup>:7) "daar (ver) met die koning, my heer, hoe gaan dit?".

**ayyisammê:** Hierdie bywoord kom net een keer voor na "ištu" in die betekenis van "waarvandaan ookal" (17.383<sup>\*</sup>:28) (vgl. AHW, 1985:25b).

**danniš:** "baie". Hierdie woord word dikwels gebruik om graad uit te druk: "DINGER.UTU-ši ra-'u-ub dan-niš" (17.247:15) "die Son is baie kwaad"; "ù ŠÀ-šu ša šār dan-niš im-ta-li" (17.383<sup>\*</sup>:13) "maar die hart van die koning is baie vol (woede)"; "a-na-ku dan-niš am-ta-ra-aš" (ibid.:32) "ek was baie siek"; "a-na DINGER.UTU-ši...i-ta-na-aḥ dan-niš" (17.340:13' Vo.) "vir die Son...het hy baie geywer".

**dāris:** "vir ewig". Sien onder 4.6.2

**enūma:** "nou dan". Huehnergard (1989:196) dui aan dat hierdie woord by Ugarit soms gebruik is as sinoniem vir "anumma". Die woord kan gebruik word om die hoofsaak(e) van 'n dokument aan te dui. In 17.383<sup>\*</sup> kom daar twee sake aan die orde en telkens word "enūma" gebruik om hierdie sake in te lui (:6, 32). Daar moet egter ook onthou word dat hierdie woord in temporele sinne gebruik word voor die statief (17.132:3; 17.227:3; 17.340:2) en voor die praeteritum (17.133:4). In hierdie gevalle kan die woord nie met "nou" vertaal word nie, maar "toe" sou die korrekte vertaling wees (vgl. Von Soden, 1969:169).

**eninna:** "nou". Hierdie woord word in middel-Babilonies naas "inanna" (vgl. hieronder) gebruik vir "nou": "ù e-nin-na ša i-šap-pa-ar-ru-nin-ku..." (20.212:10') "en nou, dit wat hulle aan jou geskryf het..." (vgl. 20.212:17'). Dit kom voor asof "eninna" in hierdie geval gebruik word in die plek van "enūma" om die hoofsaak van die brief aan te dui.

**hamutta:** "dadelik". Die woord word gebruik in 17.132:33: "ha-mu-ut-ta DUMU.KIN-ra-ka a-na muḫ-ḫi-ya šup-ra-am-ma", "stuur jou boodskapper dadelik na my".

**hantis:** "dadelik". "ha-an-tis GIŠ.MÁ šu-ku-un-su-nu-ti-ma" (20.212:29) "dadelik moet jy 'n skip aan hulle beskikbaar stel" (vgl. AHw, 1985:318b).

**inanna:** "nou". Soos wat die geval by Ugarit is, (Huehnergard, 1989:197) het hierdie woord in 'n groot mate sy temporele betekenis verloor en word dit meer in die sin van 'n tussenwerpsel gebruik. In die volgende gevalle tree die woord op as tussenwerpsel: 17.383<sup>\*</sup>:28,34,41; 17.422<sup>\*</sup>:18; 20.255A:9' en 17.79+374:7'. In 17.247:16 kan "inanna" egter weergegee word in temporele sin of as tussenwerpsel. In een geval (17.247:12) word die uitdrukking "inanna anumma" aangetref.

**kittu:** "waarlik". In hierdie sin word "kittu" net een keer gebruik: "ki-it-tu<sub>4</sub>-ú NA<sub>4</sub>.ZÁ.KUR al-lu-ú" (17.383<sup>\*</sup>:21) "is daardie waarlik lapis lazuli".

**madiš:** "baie". Die woord word een keer aangetref: "ù NÍG.BA.ḪÁ ma-'a-di-iš ub-bal" (17.383<sup>\*</sup>:40) "en baie geskenke sal hy bring".

**pīqat:** "miskien". Die woord word altyd geskryf "pī-qa-at". "ù šum-ma pī-qa-at..." (17.132:39) "en gestel miskien..." (vgl. ook 17.132:43,49). Die enigste ander plek waar die woord aangetref word, is in 17.382+380:52.

**šanīta:** "wat meer is". Hierdie woord word slegs op een plek in die korpus aangetref en dan ook nie in die betekenis "tweedens" nie, maar in die betekenis van "wat meer is": "ša-ni-tu<sub>4</sub> GIŠ.MÁ.MEŠ-ka..." (20.255A:13') "wat meer is, jou skepe..." (vgl. Huehnergard, 1989:200).

**urram:** In hierdie tekste word die woord ook net saam met "šeram" in 'n verbinding aangetref. Hierdie verbinding word volgens Mayer (1986:405) ook by Mari en Alalah aangetref. Huehnergard (1989:201) dui aan dat hierdie verbinding ook by Ugarit, sowel as Karkemis (Huehnergard, 1979:87) voorkom. Die betekenis van die verbinding is "toekomstig" (vgl. AHw, 1981:1432b). Op drie plekke in die tekste word hierdie uitdrukking aangetref: "ur-ra-am še-ra[-am]" (18.06+17.365:22'); "ur-ra še-ra-am" (17.237:4' Vo.); "ur-ra-am še-ra-am" (17.368:8' Vo.).

#### 4.6.2 Uitdrukkingswyses vir "tot in ewigheid"

Hierdie uitdrukking moet onderskei word van "urram šeram" wat hierbo bespreek is en vertaal word met "toekomstig" of "in die toekoms". In hierdie tekste word die uitdrukking slegs vier maal aangetref en telkens in 'n ander vorm: "a-di da-ra-a-ti" (17.159:11); "a-di da-ri-ti" (17.237:4',7' Vo.); "a-di da-ri-iš" (17.340:11' Vo.); "a-di ša-a-ti" (17.369A:19'). Opvallend is die feit dat die voorsetsel "adi" telkens gebruik word en nie soms "ana" nie (vgl. Huehnergard, 1989:202). Die laasgenoemde vorm van die uitdrukking (17.369A:19') kom waarskynlik nie by Ugarit voor nie.

#### 4.7 AANDUIERS VAN DIE DIREKTE REDE

In die meeste frases wat direkte rede of aanhaling wil aandui, word die partikel "ma" gebruik: "tal-ta-nap-pa-ra ma-a a-nu-ma...ul-te-bi-lak-ku-um-mi" (17.383<sup>\*</sup>:12) "(die saak wat) u geskryf het: 'Nou het ek...aan u gestuur'". Die partikel word ook gebruik om direkte rede binne 'n direkte rede-frase aan te dui: "ma-a ú-ul...ú ul-te-bi-la-am-mi ma-a ...ul-te-bi-lak-ku-um-mi" (ibid.:15-20) "is dit nie so dat ...en aan my gestuur het (met die woorde): '...het ek aan jou gestuur'." Buiten "šapāru" word die partikel ook saam met "qabû" gebruik: "a-kán-na iq-ta-bi ma-a šu-uk-ku GIŠ.MÁ-ya...uḫ-ta-pí-mi" (17.133:10-12) "hy het gesê: 'Šukku het my skip...vernietig'."; "i-qab(!)-bi ma-a EGIR AMA-ya a-lak-mi" (17.159:25) "hy sê: 'Agter my moeder aan wil ek gaan'". Die partikel word ook aangetref saam met "rakāsu": "a-kán-na ir-ku-us-šu-nu ma-a DUMU.MEŠ URU ú-ra i-na e-bu-ri..." (17.130:11) "so het hy hulle gebind: 'Die mense van Ura, in die somer'...". Verder word die partikel saam met "maḫāru" gebruik: "a-na LUGAL.GAL ki-i im-ta-ḫar ma-a DUMU.MEŠ KUR mu-kiš...iṣ-ša-ab-tu<sub>4</sub>-ni-in<sub>4</sub>-ni" (17.237:8) "tot die groot koning het hy so genader: 'Die mense van Mukiš...het my betrek (in 'n hofsak)' (vgl. ook 17.382+380:22). In 17.340:11,12,14 word "ma" drie maal binne een aanhaling gebruik en wel aan die begin van elke sin. In 17.422<sup>\*</sup>:28 word die direkte rede gebruik, sonder die partikel "ma" en wel voor die werkwoord "qabû" en nie soos gebruiklik daarna nie.

Die direkte rede kan ook aangedui word deur die partikel "-mi" wat gewoonlik aan die werkwoord binne die direkte rede-frase gevoeg word: "ma-a...ul-te-bi-lak-ku-um-mi" (17.383<sup>\*</sup>:12); "ma-a...ub-ta-'i-mi" (17.422<sup>\*</sup>:13); "ma-a...a-lak-mi" (17.159:25). In al die tekste, behalwe 17.227:11, is die skryfwyse "mi". In die

genoemde teks word "mī" egter aangetref. Die partikel word egter nie konsekwent by die direkte rede gebruik nie. In 17.130:11 en verder word "-mī" nie aangetref nie.

Die woord "umma" word in alle vorme van korrespondensie aangetref om 'n aanhaling uit te druk. By die briewe word die woord op die volgende plekke gevind: 17.132:1; 17.247:1; 17.383<sup>\*</sup>:3; 17.422<sup>\*</sup>:3. In laasgenoemde twee gevalle word die woord "umma" eers in die derde reël aangetref. Die rede hiervoor is moontlik dat hierdie briewe geskryf is deur 'n onderdaan aan sy koning. Die koning se naam word dus eerste genoem, soos wat ook duidelik blyk uit korrespondensie wat die koning aan 'n onderdaan rig. By briewe 20.212:7' en 20.255A:18' word "umma" (geskryf "um-ma-a") blykbaar in die plek van "ma-a" gebruik.

"umma" word ook gebruik by afskrifte van regsake, byvoorbeeld 17.133:1. By die staatsverdrae kom die woord ook dikwels voor: 17.227:1; 17.237:1; 17.335+379+381+235:1; 17.338:1; 17.340:1; 17.382+380:1. Soos by die briewe word "um-ma-a" gebruik in die plek van "ma-a" by 17.227:9 en 17.369A:7'. Hierdie gebruik blyk eie te wees aan Hatti.

#### 4.8 ASSIRIESE VORME

Huehnergard (1989:276) en Von Soden (1979:745) merk tereg op dat wat die tekste van Ugarit betref, Assiriese vorme eerder die uitsondering as die reël is. Alhoewel die dialek oorwegend Babilonies is, word op die volgende Assiriese vorme gewys.

Met betrekking tot die ortografie word verwys na Von Soden (1979:746). 'n Voorbeeld van Assiriese vokaalharmonie word in 17.130:5 aangetref "tāq-te-bī" (Von Soden, *ibid.*). Die Bab. vorm is in hierdie geval "taqtabi" (vgl. Ungnad, 1964:174; AHw, 1972:889b). Die Assiriese skryfwyse van "awātu" (Bab. vorm, vgl. Ungnad, 1964:20) word ook aangetref by Hatti as "abate" (17.237:9' Vo.) (vgl. ook 3.5 hierbo).

Die Assiriese vorm van die anaforiese voornaamwoord word aangetref in 17.159:23 "šū-ú-ut" en in 17.382+380:59 "šū-ú-tu<sub>4</sub>". Die Bab. vorm is "šū-ú" (Ungnad, 1964:31). Die akkusatiefsuffikse van die persoonlike voornaamwoord toon ook Assiriese invloed: "uk-te-bi-it-šū-nu" (17.340:23); "ta-pa-laḥ-šū-nu" (17.132:5) (sien 4.1.3). In die meeste tekste waar "-šunu" gebruik word, kom die

Babiloniese vorm "-šunuti" (vgl. Ungnad, 1964:33) ook voor. Die aanwysende voornaamwoorde "ammiu" (Ass.) en "ullû" (Bab.) word ook vermeng en so word "allû" (17.383<sup>\*</sup>:21) aangetref.

In enkele gevalle waar by die Babiloniese "i" naamwoorde in die genitief verwag word, word die Assiriese "e" aangetref (vgl. Ungnad, 1964:137). Vir meer hieromtrent sien Huehnergard (1979:92), Huehnergard (1989:277) en Von Soden (1979:748). Die selfstandige naamwoord wat vertaal word met "vlugteling" dra ook Assiriese kenmerke: "mu-un-na-bi-tù-ut-tu<sup>4</sup>" (17.369A:8'); "mu-un-na-bi-tù-ut-ti" (17.132:41) (vgl. Von Soden, 1979:748). By sekere abstrakte selfstandige naamwoorde is die Assiriese uitgang "-utti" ook opvallend: "IR.MEŠ-ut-ti (ardutti)" (17.369A:13'); "a-na MILUGAL-ut-ti (šarratutti)" (17.159:36); "šarru-ut-ti" (ibid.:42). In die teks 17.130:12 word die Bab. vorm "ūtu" aangetref: "tam-kà-ru-ta-šū-nu" (vgl. AHW, 1981:1315b).

Die Assiriese subjunktiewe suffiks "-ni" (wat by Bab. ontbreek, Ungnad, 1964:68) word volgens Von Soden (1979:748) ook aangetref: "iš-lu-lu-ni ù KUR.URU u-ga-ri-it." Dit is egter opvallend dat die prefiks "t-" by werkwoorde 3 vr. nie in die tekste aangetref word nie. Hierdie vorm word by Karkemis (Huehnergard, 1979:92) en Ugarit (1989:158) aangetref. Die Assiriese "lū"-prefiks vir die D-stam-prekatief (vgl. Ungnad, 1964:69) word deur Nougayrol (1956:87) in 17.338:9' Vo. in 'n gebroke konteks herstel. Buiten hierdie verwysing kom hierdie vorm nie elders in die tekste voor nie. In 17.382+380:58 word 'n verbod op Assiriese wyse deur "lu-ú la-a" uitgedruk in die plek van die Babiloniese "la-a" (vgl. Ungnad, 1964:111). Die Assiriese klankverandering, naamlik "i" na "e" in plaas van die Babiloniese "i" kom dikwels voor: "e-er-ri-ša-an-ni" (17.383<sup>\*</sup>:37); "e-ep-pa-aš" (17.383<sup>\*</sup>:39). Die Š-stam van werkwoorde I' en I-waw toon ook Assiriese vorme: "ú-še-za-ba-an-ni" (17.422<sup>\*</sup>:42); "tu-še-ba-a-la" (17.383<sup>\*</sup>:24).

Ander woorde wat dui op Assiriese vorme is onder andere die voorsetsel "ištu" in plaas van "ultu" wat meermale voorkom (sien 4.5.1). Die partikel "ma-a" wat die direkte rede inlui is ook 'n Assiriese vorm. Die Babiloniese "um-ma-a" kom egter ook voor (vgl. 4.7).

Hierdie lys van Assiriese vorme is nog nie volledig met betrekking tot hierdie korpus nie. Die identifisering van sulke vorme is egter nie die primêre doel van hierdie studie nie. Hierdie vorme is slegs gegee ter wille van die volledigheid van hierdie studie en om daarop te wys dat van die Assiriese vorme wat by Karkemis

(Huehnergard, 1979:91-92) en Ugarit (Huehnergard, 1989:276-280) voorkom, ook by Hatti aangetref word. Alhoewel nie hierbo aangetoon nie, kom sekere van die genoemde Assiriese vorme ook by Alalah (vgl. Giacomakis, 1970) voor. Van Huyssteen (1991) het aangetoon dat die bogenoemde Assiriese vorme ook by die Emar-tekste aangetref word.

## 5. HOOFSTUK 5: SLOT

In hierdie hoofstuk word die resultate van hierdie studie saamgevat by wyse van 'n vergelyking tussen die Akkadiese dialek van Hatti en 'n sestal ander Akkadiese dialekte. Sodoende sal 'n geheelbeeld van die Akkadies van Hatti verkry word aan die hand van die resultate wat hierdie studie opgelewer het, sonder dat feite en gevolgtrekkings onnodig herhaal hoef te word. Hierdie metode van samevatting het die verdere voordeel dat die Akkadies van Hatti met een oogopslag geplaas kan word binne die breër raamwerk van westelike rand-Akkadies. Die hoofdele van hierdie studie word daarom afsonderlik behandel. In sekere gevalle moet daar egter belangrike toeligting tot die skematiese vergelyking hieronder gegee word. Dit sal onder punt 5.3 aandag geniet.

Elke onderafdeling van die derde (vgl. 5.1) en vierde (vgl. 5.2) hoofstukke van hierdie studie, word hieronder gelys soos dit in die teks voorkom. Met behulp van die volgende sleutel sal ooreenkomste tussen die Akkadiese dialek van Hatti en die Akkadiese dialekte van 'n aantal ander gebiede aangetoon word:

- X      Feitlik volledige ooreenkomste
- (X)    Ooreenkomste slegs in sommige gevalle
- (-)    Waarskynlik geen ooreenkomste
- Geen ooreenkomste
- ?      Bronne onvoldoende om 'n uitspraak te lewer

Die datering van die ander dialekte kom in 'n mindere of meerdere mate ooreen met die tydperk waarin die tekste van Hatti, wat by Ugarit teruggevind is, ontstaan het. Alle datums hieronder verwys na datums voor Christus.

Met betrekking tot 5.2 word daar nie verwys na Nuzi nie, aangesien genoegsame gegewens nie opgespoor kon word om 'n sinvolle vergelyking in hierdie verband te tref nie.

## 5.1 SAMEVATTING MET BETREKKING TOT FONOLOGIE

|      | Karkemis                     | Ugarit                       | Nuzi                        | Alalah                       | Mitanni                     | Amarna                      |
|------|------------------------------|------------------------------|-----------------------------|------------------------------|-----------------------------|-----------------------------|
|      | 1400-<br>1200. <sup>15</sup> | 1400-<br>1200. <sup>16</sup> | c.a.<br>1500. <sup>17</sup> | 1500-<br>1400. <sup>18</sup> | c.a.<br>1390. <sup>19</sup> | c.a.<br>1450. <sup>20</sup> |
| 3.1  | (X)                          | X                            | X                           | X                            | ?                           | (X)                         |
| 3.2  | (X)                          | (X)                          | (X)                         | (X)                          | (X)                         | (X)                         |
| 3.3  | X                            | X                            | X                           | ?                            | X                           | ?                           |
| 3.4  | X                            | X                            | X                           | (X)                          | X                           | X                           |
| 3.5  | X                            | X                            | (X)                         | X                            | (X)                         | X                           |
| 3.6  | (X)                          | (X)                          | X                           | ?                            | X                           | (X)                         |
| 3.7  | X                            | (X)                          | X                           | ?                            | (X)                         | (X)                         |
| 3.8  | X                            | X                            | X                           | (X)                          | X                           | X                           |
| 3.9  | X                            | X                            | (X)                         | (-)                          | X                           | (X)                         |
| 3.10 | X                            | X                            | ?                           | X                            | -                           | X                           |
| 3.11 | ?                            | ?                            | X                           | X                            | ?                           | (X)                         |
| 3.12 | X                            | X                            | X                           | X                            | X                           | (X)                         |

---

<sup>15</sup> Sien Huehnergard (1979).

<sup>16</sup> Sien Huehnergard (1989).

<sup>17</sup> Sien Berkooz (1937).

<sup>18</sup> Sien Giacumakis (1970).

<sup>19</sup> Sien Adler (1976).

<sup>20</sup> Sien Böhl (1909).

## 5.2 SAMEVATTING MET BETREKKING TOT MORFOLOGIE

|       | Karkemis       | Ugarit         | Alalah         | Mitanni       | Amarna        |
|-------|----------------|----------------|----------------|---------------|---------------|
|       | 1400-<br>1200. | 1400-<br>1200. | 1500-<br>1400. | c.a.<br>1390. | c.a.<br>1450. |
| 4.1.1 | (X)            | (X)            | (X)            | X             | (X)           |
| 4.1.2 | X              | X              | X              | X             | (X)           |
| 4.1.3 | (X)            | X              | (X)            | X             | (X)           |
| 4.1.4 | (X)            | X              | X              | X             | (X)           |
| 4.2.1 | X              | (X)            | (X)            | X             | (X)           |
| 4.2.2 | X              | X              | X              | X             | (X)           |
| 4.2.3 | -              | (X)            | (X)            | (X)           | (X)           |
| 4.2.4 | (X)            | (X)            | X              | X             | (X)           |
| 4.2.5 | (X)            | (X)            | ?              | ?             | ?             |
| 4.3.1 | X              | X              | X              | (X)           | (X)           |
| 4.3.2 | X              | (X)            | (X)            | X             | (X)           |
| 4.3.3 | (X)            | (X)            | (X)            | X             | ?             |
| 4.3.4 | X              | (X)            | (X)            | X             | (X)           |
| 4.4.1 | X              | (X)            | X              | X             | (X)           |
| 4.4.2 | X              | X              | X              | X             | ?             |
| 4.4.3 | (X)            | (-)            | X              | (X)           | ?             |
| 4.4.4 | X              | (X)            | (X)            | X             | ?             |
| 4.4.5 | X              | X              | ?              | X             | (X)           |

|       | Karkemis | Ugarit | Alalah | Mitanni | Amarna |
|-------|----------|--------|--------|---------|--------|
| 4.5.1 | (X)      | X      | (X)    | (X)     | (X)    |
| 4.5.2 | X        | X      | X      | (X)     | (X)    |
| 4.6.1 | X        | X      | X      | (X)     | (X)    |
| 4.6.2 | -        | (X)    | (-)    | (-)     | (-)    |
| 4.7   | X        | (X)    | X      | (X)     | (X)    |
| 4.8   | X        | X      | (X)    | (X)     | ?      |

### 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Enkele belangrike bevindings in verband met die Akkadiese dialek van Ḫatti moet in die lig van die tabelle hierbo weergegee word.

In die eerste plek moet vermeld word dat die taal van die tekste 'n baie suiwer vorm van Akkadies is. Die Amarna-briewe openbaar baie meer en groter afwykings van suiwer Akkadies en om hierdie rede stem die Akkadies van Ḫatti slegs op enkele plekke feitlik volledig met die Akkadies van Amarna ooreen.

Die Akkadies van Ḫatti openbaar verder 'n uniforme patroon. In die hele korpus is geen hebriede aangetref nie. Soos die dialekte van Ugarit, Karkemis, Alalah, Mitanni en Emar<sup>21</sup>, openbaar die Akkadies van Ḫatti ook 'n hele aantal Assiriese vorme. In verdere studies kan moontlik aandag gegee word aan die vraag of hierdie vorme inderdaad die benaming "Assiriese vorme" moet dra.

Uit die bogenoemde volg tweedens dat die skrywers by Ḫatti goed opgelei was in die Akkadiese taal. Die skrywerstradisie vertoon, soos by Ugarit, baie stewig. Daar is reeds gemeld dat dieselfde nie van die skrywers by Amarna gesê kan word nie.

---

21 Sien 4.8 hierbo

Die afleiding wat hieruit gemaak word is dat Ḫatti, met of sonder Ugaritiese bemiddeling, in kontak was met Assiriese skryfskole. Gesien die groter aantal afwykings wat die Ugarit-dialek in enkele opsigte egter openbaar, word daar gemeen dat direkte kontak tussen Ḫatti en die Assiriese skryfskole bestaan het. Kontak met die Assiriese skryfskole via Karkemis is egter ook 'n besliste moontlikheid, omdat die dialek van Ḫatti, statities beskou, nog meer ooreenkomste met die dialek van Karkemis openbaar, as met die dialek van Ugarit.

Die Akkadies van Ḫatti is inderdaad 'n baie belangrike en besonder suiwere onderdeel van westelike rand-Akkadies.

## **6. ABSTRACT**

In this investigation the Akkadian dialect of Ḫatti, the country of the Hittites, has been studied in the form in which this dialect can be retrieved through Akkadian texts excavated since 1929 at Ugarit (at present Ras Shamra). Out of a total of about 71 texts which came into being in Ḫatti and which were excavated at Ugarit, 21 well-preserved texts were chosen to base the study on. All these texts have been published by Nougayrol (1956) and Nougayrol *et al.* (1968).

The Akkadian dialect which was used in Ḫatti is one of the so-called Western peripheral dialects of the language Akkadian, the cradle of which is Mesopotamia. Scientists are at the moment engaged in doing research on all the peripheral dialects in order to define and compare the different dialects with one another. It will then become apparent how the various dialects developed in the areas in which they were found, and which influences were exercised on them by neighbouring languages. In this respect this study follows that of Durham (1976) in the description of the Akkadian language of Ḫatti. This study has, however, bearing only on the texts which were found at Ugarit.

This study, for the sake of easy reference and comparison, structurally follows closely Huehnergard's studies (1979, 1989) with reference to the Akkadian dialects of Ugarit and Carchemish.

The results of this study have been represented by means of a comparison between the Akkadian dialect of Ḫatti and the Akkadian dialects of a number of other areas. From this it is clear that the Akkadian dialect of Ḫatti definitely reveals distinctive characteristics, although it has much in common with other Akkadian dialects which are derived from a number of border areas.

**BRONNELYS**

ADLER, H-P. 1976. Das Akkadische des Königs Tušratta von Mitanni. Alter Orient und Altes Testament, 201:1-363.

AHL, S.W. 1973. Epistolary texts from Ugarit: Structural and lexical correspondences in epistles in Akkadian and Ugaritic. Brandeis University. (PhD. dissertation.)

AHw

kyk

VON SODEN, W. 1965-1985.

ARO, J. 1954. Remarks on the language of the Alalah texts. Archiv für Orientforschungen, 17:361-365.

ASSYRIAN DICTIONARY. 1964-. 21 vols. Chicago: Chicago University.

BERGER, P.R. 1970. Zu den akkadischen Briefen Ugaritica V. Ugarit-Forschungen, 2:285-293.

BERKOOZ, M. 1937. The Nuzi dialect of Akkadian: orthography and phonology. Supplement to Language, 23(1):1-64, January - March.

BÖHL, F.M.T. 1909. Die Sprache der Amarnabriefe mit besonderer berücksichtigung der Kanaanismen. Leipzig: J.C. Hinrichs.

BORGER, R. 1981. Assyrisch-babylonische Zeichenliste. 2. Auflage. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

CAD

kyk

ASSYRIAN DICTIONARY

DURHAM, J.W. 1976. Studies in Bogazköy Akkadian. Harvard University. (PhD. dissertation.)

GIACUMAKIS, G. 1970. The Akkadian of Alalah. Paris: Mouton.

GELB, I.J. 1970. Comments on the Akkadian syllabary. Orientalia, 39:516-546.

GREENSTEIN, E.L. 1980. The Assimilation of Dentals and Sibilants with pronominal š in Akkadian. The Journal of the Ancient Near Eastern society of Columbia University, 12:51-64.

GRÖNDAHL, F. 1967. Die Personennamen der Texte aus Ugarit. Rome: Pontificium Institutum Biblicum.

HUEHNERGARD, J. 1979. The Akkadian dialects of Carchemis and Ugarit. Harvard University. (PhD. dissertation.)

HUEHNERGARD, J. 1987. Stative, predicative form, pseudo-verb. Journal of Near Eastern studies, 46(3):215-232.

HUEHNERGARD, J. 1989. The Akkadian of Ugarit. Atlanta: Scholars.

IZRE'EL, S. 1984. On the use of the so-called ventive morpheme in the Akkadian texts of Amurru. Ugarit-Forschungen, 16:83-92.

IZRE'EL, S. 1987. The complementary distribution of the vowels *e* and *i* in the peripheral Akkadian dialect of Amurru. (In Jungraithmayr, H. & Müller, W.W. (eds.) Proceedings of the fourth international Hamito-Semitic congress. Amsterdam: John Benjamins. p.525-541.)

KESTEMONT, G. 1974. Le traite entre Mursil II de Ḫatti et Niqmepa d'Ugarit. Ugarit-Forschungen, 6:85-127.

KINLAW, D.F. 1967. A study of the personal names in the Akkadian texts from Ugarit. Brandeis University. (PhD. dissertation.)

KNUDSEN, E.E. 1980. Stress in Akkadian. Journal of Cuneiform Studies, 32(1):3-16.

KÜHNE, C. 1974. Eine analytische Liste der akkadischen Ugarittexte. Ugarit-Forschungen, 6:129-156.

KÜHNE, C. 1975. Nachträge und Berichtigungen zur analytischen Liste der akkadischen Ugarit-texte. Ugarit-Forschungen, 7:515-516.

LABAT, R. 1988. Manuel d'épigraphie akkadienne 6<sup>0</sup> édition. Augmentee d'addenda par F. Malbran-Labat. Paris: Geuthner.

MARCUS, D. 1978. A manuel of Akkadian. Lanham: University Press of America.

MAYER, W. 1986. Ur<sup>u</sup>ra(m) Še<sup>u</sup>ra(m) im syrischen Rechtsurkunden des 2. Jdt. v. Chr. Ugarit-Forschungen, 17:405-406.

NOUGAYROL, J. 1956. Le palais royal d'Ugarit, vol.4: Textes accadiens des archives sud (archives internationales); 2 vol. Paris: Imprimerie.

NÓUGAYROL, J., LAROCHE, E., VIROLLEAUD, C. & SCHAEFFER, C.F.A. 1968. Ugaritica, vol. 5: Nouveaux textes accadiens, hourrites et ugaritiques des archives et bibliothèques privées d'Ugarit, commentaires des textes historiques. Paris: Imprimerie.

SIVAN, D. 1984. Grammatical analysis and glossary of the north-west semitic vocables in Akkadian texts of the 15th-13th C.B.C. from Canaan and Syria. Alter Orient und Altes Testament, 214:1-306.

SIVAN, D. 1986. Problematic lengthenings in north-west semitic spellings of the middle of the second millennium B.C.E. Ugarit-Forschungen, 18:301-312.

SWAIM, G.G. 1962. A grammar of the Akkadian tablets found at Ugarit. Brandeis University. (PhD. dissertation.)

UNGNAD, A. 1964. Grammatik des Akkadischen 4. auflage. Völlig neubearbeitet von L. Matouš. München: C.H. Beck.

VON GERD, S. 1981. Die sog. tan-Stämme des akkadischen Verbuns und ihre semitischen Grundlagen. Zeitschrift der Deutschen Morgenländischen Gesellschaft, 131:9-27.

VAN HUÿSSTEEN, P.J.J. 1991. Assyrianisms in the Emar letters. (Delivery on the 28th of May 1991 at the third SASSEM congress held at the University of Pretoria.) Pretoria. 10 p. (Unpublished.)

VON SODEN, W. 1965-85. Akkadisches Handwörterbuch. 3 Bände. Wiesbaden: Harrassowitz.

VON SODEN, W. 1969. Grundriss der akkadischen Grammatik samt ergänzungsheft. Roma: Pontificium Institutum Biblicum.

VON SODEN, W. 1979. Assyriasmen im Akkadischen von Ugarit und das Problem der Verwaltungssprache im Mitannireich. Ugarit-Forschungen, 11:745-752.

VON SODEN, W. & RÖLLIG, W. 1967. Das akkadische Syllabar. 2. völlig neubearbeitete Auflage. Roma: Pontificium Institutum Biblicum.

WHITING, R.M. 1972. The dual personal pronouns in Akkadian. Journal of Near Eastern studies, 31(4):331-337.